



Groei in Heilige Gees

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@houseofministries.co.za

INHOUDSOPGAWE

GROEI IN HEILIGE GEES

In die Ou Testament leer ons 'n liefdevolle God ken – die Skepper van hemel en aarde. Hierdie God is in die hemel en heers oor ons uit die hemele.

In die Nuwe Testament leer ons God ken in verhoudinge.

God bied hier aan ons drie dinge:

- * God **vir** ons,
- * God **met** ons, en
- * God **in** ons as Heilige Gees.

1. Groei in Heilige Gees.
2. Lig en Liefde.
3. Soos in die hemel so ook op die aarde.
4. Die vierde dimensie.
5. Gesalf vir aksie.
6. Ontdek die koninkryk.
7. Die pad na verheerliking.
8. Verhoudings.
9. Om deur vuur gelouter te word.
10. 'n Nuwe begin.

GROEI IN HEILIGE GEES

In die Ou Testament leer ken ons 'n liefdevolle God – die Skepper van hemel en aarde. Hierdie God is in die hemel en heers oor ons uit die hemele.

In die Nuwe Testament leer ons God ken in verhoudinge.

God bied hier aan mens drie dinge:

- * God vir ons;
- * God met ons, en
- * God in ons.

Die waarborg is in **Romeine 8:31**

'Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge?

As Almagtige God vir ons is, wie kan dan teen ons wees?.'

Ons kan nou, met God aan ons kant, sonder vrees geestelik groei in Heilige Gees. Daar kan geen stryd te groot wees met die belofte 'vir julle is alles moontlik deur Christus Jesus' nie.

Hoe moeilik en duister jou situasie en of daar donker wolke oor jou horison hang, jy kan rustig wees. Jy sál wen.

Met ons wedergeboorte het Heilige Gees in ons ingekom om in ons te bly. Sy doel is om my en jou geestelik te laat groei en ons uiteindelik voor te berei om eendag hemel toe te gaan.

Heilige Gees wil ons verander om soos Jesus Christus te wees.

Daarom plaas Hy Sy vrug van die Gees in ons om in liefde, vrede, vergifnis en lankmoedigheid verder te gaan.

Later volg Heilige Gees dit op deur aan ons Sy gawes en bedieninge te gee. Ons betree nou 'n totale nuwe dimensie in ons verhouding met God, deur Sy Heilige Gees

In Christus Jesus kan daar op die einde geen nederlaag wees nie.

Dit beteken ook dat dit nie saak maak waar jy is nie, God is by jou.

Hy is in jou. Sy Woord waarborg dit vir jou.

Dit was vir die geestelikes in die Ou Testament nie maklik onder God se verbond nie. Die verbond was: God was vir Israel en God was met Israel, maar Hy was nooit in Israel nie. Hy kon nie. Dit het eers moontlik geword deur Jesus Christus.

In die Nuwe Testament het ons 'n baie beter verbond met baie beter voorwaardes. Dis waarom Jesus Christus die prys kom betaal het. Nou is God vir ons en met ons, maar belangrik Hy is ook IN ons. God het nou sy woning IN ons liggame kom maak om van daar verder te regeer.

1 Korinthiërs 3:16

'Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van Almagtige Skepper God, in julle woon nie?'

1 Korinthiërs 6:19

'Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Geliefde Heilige Gees is nie? Julle het Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang. Julle behoort nie aan julle self nie.'

Die probleem is dat ons nie werklik besef dat Heilige Gees in ons is nie. Ons verstaan nie die konsep dat ons nie aan ons self behoort nie, maar aan Hom. As mense werklik bewus is van Heilige Gees in hulle, sal hulle nie praat en optree soos wat hulle doen nie.

Ons praat soms aanhoudend van die min krag wat ons het, óf die beperkte vermoëns in ons. Ons moet begin besef dat die lewende God in ons is. Dan sal ons besef dat niks vir ons onmoontlik is nie. Dit is dus werklik moontlik dat daar Christene is wat Heilige Gees ontvang het, maar geen tree verder op die pad van outoriteit is nie. Hulle kom tot hier en bly net hier!

Ek sien dit nog altyd dat daar mense is wat in die regte voertuig sit, maar geparkeer staan langs die pad. Hulle is oppad in die regte rigting, maar hulle beweeg nie. Al waarvoor hulle sit en wag is dat die houtreëling hier voor hulle gaan oplik, sodat hulle in die wegraping kan verdwyn. Helaas is dit nie goed genoeg nie.

In **Markus 9:23** staan: 'Vir die een wat glo, is alles moontlik.' Dit is werklik God se plan vir jou lewe. As jy besef dat Hy in jou woon, sal jy tot alles in staat kan wees.

1 Johannes 4:4; 'Julle is uit God die Almagtige Skepper, my kinders, en julle het deur geloof alreeds die Bose een oorwin, want groter is Hy wat in julle is as hy wat die wêreld tydelik beheer.'

Ek wil glo dat elke wedergebore, Geesvervulde kind van God, in hom al die krag het wat hy ooit sal nodig hê om totaal te oorwin in hierdie lewe. Dis so duidelik uit die Skrif dat Heilige Gees as deel van die Drie-eenheid, in elke gelowige kom inwoon.

Hy woon nie meer in mensgemaakte allerheiligste plekke nie, maar ons liggame het nou Sy tempel geword.

Die Ou Verbond is verby:

In die Ou Testament, onder die ou verbond, was God se teenwoordigheid beperk tot die Allerheiligste area van die tabernakel en later die tempel.

Niemand is daar toegelaat behalwe die hoë priester nie – en hyself met baie versigtigheid. As enige iemand anders oortree het, het hy dadelik mordsdood neergeslaan.

In die ou verbond is bepaal dat elke manlike persoon in Israel, een keer per jaar na Jerusalem moes gaan, want dit is waar God se teenwoordigheid was.

Net voordat Jesus sterf aan die kruis, roep hy: 'Dit is volbring!' Hy het nie na die nuwe verbond verwys nie maar na die oue.

Die nuwe verbond was nie in werking voordat Christus nie opgevaar het in die hemel na Sy nuwe Heiligdom as die regterhand van God nie. Hy kon dit alleenlik reggekry het deur met Sy eie bloed daarvoor te betaal en so verlossing en redding vir ons te bewerk. Nou eers was die nuwe verbond verseël.

Op Golgota sterf die liggaam van Jesus die mens. Christus, die Goddeel, verlaat die liggaam. Op daardie oomblik skeur die voorhangsel in die tempel wat die allerheiligste area afgebaken het. Heilige Gees kom nou uit die mensgemaakte plek uit om daarna nooit weer in 'n gebou te bly nie, maar in mense.

As ons 'n gebou die 'Huis van God' noem, is ons nie korrek nie. As ons wil sê hierdie gebou is waar Hy woon en heers, is ons verkeerd. God woon nooit weer in 'n gebou nie.

Hy woon en heers nou IN ONS deur die krag van Heilige Gees.

In **Johannes 14:16-17** sê Jesus aan sy dissipels en kinders: 'Ek sal die Vader bid, en hy sal julle 'n ander trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid.

vers 17: Omdat hy by julle bly en in julle sal wees.'

Satan is tans nog die god van hierdie wêreld. Hy heers oor almal wat Jesus Christus nie ken nie.

As ons voortdurend bewus is van Die Groter God in ons deur Heilige Gees, sal ons nooit iets hê om te vrees van die duiwel nie of enige ander probleem wat ons mag bedreig nie.

Die bron van alle krag dra ons dan in ons!

Dit bring ons by die volgende vraag:

Wat is die fisiese tekens wat ons kan verwag?

Wat sal toon dat die Heilige Gees in ons is?

Om dieper te lewe saam met Heilige Gees beteken dat daar 'n punt kom waar ons sal oorloop van Sy teenwoordigheid.

Die eerste fisiese teken dat die Heilige Gees in ons teenwoordig is, is die praat van 'n nuwe taal – 'n gebedstaal – 'n Geestaal.

Daar kan 'n tydperk verloop van slegs Sy teenwoordigheid in ons, maar daar moet 'n tyd kom waar Hy met ons begin kommunikeer in 'n nuwe taal.

Handelinge 10:44-46; Petrus was ook besig om te praat met nuwe bekeerlinge, wat nie Jode was nie:

'En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Geliefde Heilige Gees op almal geval wat die woorde gehoor het.

En die gelowiges uit die besnydenis (Die Jode) en almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van God se Heilige Gees ook op die heidene en die soekers na die waarheid, uitgestort is, want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak.'

Na Petrus met hulle gedeel het oor die vergifnis van sonde en hulle bekering, volg die volgende stap: Vervulling met Heilige Gees.

Hier vind ons dat die spreek in tale die Jode oortuig het van hierdie mense se vervulling.

Handelinge 11:15–16. Nog Petrus wat praat:

‘En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het; Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop (vervul) word.’

In hierdie spesifieke geval het die mense hulle bekering en die vervulling met die Gees in `n kort tyd na mekaar ontvang.

Hier het niemand hande op hulle gelê nie – hulle is net vervul.

Alles hier is `n aanduiding dat daar geen rede of skrif bestaan wat sê dat ons moet wag vir die vervulling na bekering nie.

In Handelinge 19:6 sê die Woord dat hulle direk na vervulling met Heilige Gees in tale gepraat het en geprofeteer het.

Ek wil graag daarby staan dat die eerste fisiese teken wat `n aanduiding is van `n geestelike ondervinding en die vervulling met die Gees, tale spraak is.

Die spreek in `n nuwe taal is die begin van dit alles.

Daar word gesê dat hoe meer jy tot God bid en Hom loof en prys in tale, hoe groter sal die manifestasie van die ander gawes wees. Anders dan ook: hoe minder tale spraak hoe minder kragtig die manifestasie van krag.

Die spreek in tale is die deur na al die ander geestelike gawes.

So baie wil mense direk oorgaan in die gawes maar daar is `n deur waardeur jy eers moet gaan.

1 Korinthiërs 12:31;

‘Maar beywer julle met die oog op die beste gawes.’

‘But earnestly seek the best gifts. Moreover, I show the “Most Excellent Way” to you.’

Dis geskryf vir mense wat alreeds in tale gespreek het.

Paulus in **1 Korinthiërs 14:18;**

‘Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal.’

OPSOM: Daar is meer in die vervulling met Heilige Gees as net tale spraak, maar tale is `n belangrike en integrale deel om Heilige Gees in Sy volheid te ontvang. Oor die jare is baie mense beroof van God se seëninge deur te glo dat die spreek in tale nie vir almal is nie, óf dat dit sommer net `n minder belangrike gawetjie is.

1 Korinthiërs 12:7;

'Maar aan ELKEEN word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is.'

- * Wedergeboorte.
- * Nou die ontvangs van Heilige Gees. Hy kom in jou woon.
- * Sy volheid neem gestalte in my en die eerste fisiese teken van geestelike vervuldheid, is tale spraak.
- * Dit maak die deur oop vir al die ander geestelike gawes wat nog moet kom.
- * Dis vir almal wat glo.

.....

LIG EN LIEFDE

Ons is die afgelope tyd blootgestel aan openbaring van die dinge wat in die gees gebeur. Openbaring is noodsaaklik vir ons persoonlike verandering en dit vergroot die speelveld van ons geloof.

Dis ook so belangrik dat ons moet beseft dat daar iets is wat ons moet nalaat vir die volgende geslag. Daar is soveel om oor opgewonde te wees en bemoedig te voel. God het 'n plan vir my, vir die kerk en vir die wêreld. Elkeen van ons het 'n waarheid in sy lewe – ons moet dit net ontdek.

Toe die eerste kerk begin het, het God openbaring aan hulle gegee. Sy waarheid is aan hulle bekendgestel. Dit was om gebruik te word en dan aan te gee vir geslagte wat moes kom. Dit het ongelukkig nie gebeur nie en die eerste kerk het gaan stil staan agv vervolging.

Geestelike oorerwing gebeur nou weer. Ons moet ons self neerlê vir die generasie wat nou gaan opstaan. Hulle moet verder gaan as ons en gaan in sekere plekke deur God geplaas word. Plekke wat onself nooit kon ingaan nie. Dit is besig om te gebeur. Julle gaan toegerus word om nog groter dinge as ons te doen.

Wat gebeur met Israel in die Ou Testament toe die Here hulle in die Beloofde land ingeneem het? God kom sê vir hulle: 'Ek het goeie en slegte nuus vir julle. Die goeie nuus is dat Ek alles wat hier voor julle lê, vir julle gaan gee. Die slegte nuus is dat julle dit gaan kry - stukkies vir stukkies'.

Soos hulle gegroei het in volwassenheid en verantwoordelikheid opgeneem het, het God aan hulle meer en meer van die nuwe land gegee. Hy het nie alles gelyk aan hulle gegee nie want hulle sou dit nie kon hanteer nie. God het snaaks genoeg die vyand van daardie land die reg gegee om die Israeliete te toets. Ons weet dat hulle oorwin het aan die einde. Ons saam gaan ook oorwin.

Netso is God besig om aan ons nuwe plekke en nuwe land te gee. Die dag as ons die aflosstokkie moet oorgee, moet ons totaal in beheer wees van wat Hy nou besig is om aan ons te gee. Om net te wag en vir tyd te speel gaan nie werk nie. Vra maar vir die man wat sy een talent gaan wegsteek het, wat met hom gebeur het.

God het vir die generasie van nou baie goed weggebêre. Dit lê en wag vir ons om dit op te neem en te gebruik.

Daar is geheime en bonatuurlike dinge en realms van God wat vir jare al wag vir die tyd waarin ons nou is. Dis waarom God wil hê dat ons die ou putte weer moet skoonmaak sodat die water weer kan begin vloei. Die tyd het nou gekom waar elkeen van ons dít moet vind wat vir jou beplan is.

Wat noem Paulus hierdie dinge wat nou moet kom? **Romeine 7:6;** 'Sodat ons kan dien in die nuwigheid van die Gees en nie in die oudheid van die letter nie'.

Ek wil graag met julle gesels oor **lig en liefde**.

Dis van die dinge waaroor daar baie openbaring gekom het die afgelope paar jaar. Ek was my hele lewe in die mediese wetenskap en sekere dele van fisika is vir my 'n natuurlike saak. Om dit alles nou geestelik te sien is soms 'n aanpassing.

Die dag toe God gekies het om lig te maak, het alles verander. Dis ook die dag dat klank en musiek begin het.

Die oomblik toe God gesê het: 'Laat daar lig wees', het klank ook in die heelal ingekom. Toe Hy gesê het 'lig', het God in die duisternis ingespraak. In werklikheid het Hy op daardie oomblik die lig van Sy eie heerlijkheid ('His glory') vrygestel.

Die klank van Sy stem was so kragtig, dat die heelal 'n werklikheid geword het teen die spoed van lig. Deur die klank van God se stem is bonatuurlike krag vrygestel. Die hele woeste wêreld het net daar verander in 'n plek waar mense kon woon.

Onthou, die son en die maan is eers op die vierde dag geskape. So die eerste lig was die lig van God se heerlijkheid. Op daardie oomblik is klank ook geskep, want dis dieselfde ding. Lig en klank is dieselfde – dit werk net op verskillende golflengtes. **Johannes 1:5;** 'En die lig van God skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie'.

Elke ding wat God ooit geskape het, het gekom uit Sy kreatiewe stem. Dieselfde klank wat die hele aarde vul met lig, klank, musiek en Sy heerlijkheid.

Hoe het die klank uit die hemel geklink? **Openbaring 14:2;** 'En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitterspelers wat speel op hulle sitters'.

Die vier universele elemente is: Water, wind, vuur en die aarde. Al die klanke van die hemel kan gehoor word in water, wind, vuur en op aarde. Dis God se begeerte dat ons Hom moet hoor in hierdie elemente as Hy met ons praat.

In die verlede is elke herlewing wat plaasgevind het gekenmerk deur musiek. Musiek en wat die mense sing en na geluister het was tipies aan die plek en sy mense. Hierdie klanke van die spesifieke groep het aan hulle iets gegee wat groter was as hulle vyande.

Ons lees in die Bybel van groot gebeurtenisse wat altyd onthou sal word vir die klank wat daarmee saamgegaan het.

Die aand toe Jesus Christus gebore is het wonderlike dinge gebeur. Eers kom die engel met groot lig en verskyn aan die herders in die veld. Direk daarna derduisende engele wat 'Halleluja' begin sing het. Die klank uit die hemel het afgekom aarde toe.

Jesus Christus begin Sy bediening: **Mattheus 4:16-17;** God sê hier in die Oorspronklike Hebreeuse Bybel oor Jesus: 'My volk wat nou nog in die duisternis sit sal My groot Liefdes-Lig sien. Hierdie Liefdes-Lig sal kom na hulle toe wat in verwarring en in die skaduwee van die dood sit. Vir hulle het 'n Lig opgegaan.

Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: 'Bekeer julle en maak 'n verbond met God. Nou dat julle die oorspronklike Woord van God deur My gaan hoor, is die Ewige Verbonds-koninkryk binne julle bereik. Daarom, draai na die ewige Liefdes-verbond en Woord

van God en word onderdompel in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van julle sondes'.

Ek en jy moet nie net tot bekering kom nie – ons moet in hierdie liefdes-verbond verhouding met Jesus Christus kom. Hierdie verbond wat Hy met jou sluit sal vir ewig wees. Die oomblik as jy die verbond sluit moet jy besef dis geseël met die Bloed van Jesus Christus en is vir ewig. Nie net tot die dood ons skei nie. Dood kan my en jou nooit van God skei nie – dit gaan net in 'n ander dimensie aan.

Daar was nog altyd 'n dimensie van God se krag wat deur die teenwoordigheid van Heilige Gees gekom het.

Ons lees dat elke keer as die Hoëpriester in die Allerheiligste deel van die Tabernakel of tempel gegaan het, hy nie daar kon staan agv die krag van Heilige Gees nie. Daarom moes hulle hom met 'n tou om sy enkel daar uittrek.

In **2 Kronieke 5:11-14** is ons by Salomo wat die tempel inwy. Terwyl die musikante en sangers in eenheid optree om God te aanbid, is die tempel gevul met 'n wolk. Die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van God het die huis gevul.

Jesus is en was nog elke oomblik by ons.

Daar is ook so 'n groot misverstand oor Jesus se hemelvaart.

Die dissipels staan en kyk hoe Jesus in 'n wolk weggeneem word.

Die wolk het al kleiner en kleiner geword en toe is Jesus weg.

Die wolk in die Ou Testament was nie 'n teken van God se afwesigheid nie, dit was 'n teken van God se aanwesigheid.

Jesus is nie weg nie. Hy is liggaamlik weg, maar pinkster interpreteer hemelvaart. Jesus is nou hier in Sy Gees.

Hy is hier om julle almal aan te raak vandag.

Jy word nie verlos van die hemel nie, jy word verlos vir die aarde, sodat jy jou aardse lewe elke dag kan leef vanuit die nuwe realiteit van die Koninkryk, dat Jesus die Here is en dat Hy hier is.

Dan die bekende deel in Handeling 2 met die uitstorting van Heilige Gees. Skielik het die klank van die hemel afgekom aarde toe. Dis tog belangrik dat daar elke keer staan dat die mense in eenheid was.

Ons glo dat God nou weer iets gaan doen wat die volgende geslag grootliks gaan aanraak.

Wanneer die klank van die hemel aarde toe kom is daar altyd 'n manifestasie van God se outoriteit. Hierdie outoriteit is die uitvoerende gesag op aarde. Dis die klank van baie waters en die klank van donderslae. Elke keer as klank die aarde besoek gebeur daar iets bonatuurliks.

As ons dit kan regkry dat aanbidding uit ons harte gaan kom in eenheid, sal ons hier aanbidding beleef soos wat dit in die hemel is. Dit moet nog altyd een van ons grootste begeertes wees. Christus sal openbaar word as ons die klank gaan hoor van Sy eie instrumente.

Kolossense 1:27; 'Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid'.

Hier beteken heerlijkheid om 'om aangesteek te word met lig'. Christus wil graag Sy lig in ons aansteek, sodat ons Sy lig kan skyn.

Mattheus 4:14 en 16; Hebreeuse Bybel:

'Julle is geroep om die Menorah – die Lig van God – vir die wêreld te wees'.

Vers 16: 'Laat julle persoonlike lig só skyn vir ongelowige mense dat hulle julle goeie Woord-gebaseerde werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik'.

Christus wil 'n klank in ons vrystel wat ons persoonlik sal verander. Hierdie klank sal gewone godsdiens verdryf en die waarheid inbring. Dis Sy outoriteit in die kerk wat wag om te gebeur. Ons moet elkeen 'n ondervinding met God hê deur ons geesmens. Dis so belangrik dat ons nou iets vars uit die hemel moet kry.

Net soos die 120 op Pinksterdag moet ons ook in 'n oogwink verander word. Direk nadat hulle die geluid gehoor het, het daar verskillende dinge met hulle gebeur. Hulle kon skielik tonge van vuur sien en almal is verander en ontvang iets wat hulle kon uitdra na buite. Hulle sintuie het verander: Skielik kon hulle sien wat hulle hoor, en hoor wat hulle sien. Die resultaat was buitengewoon.

As jy begin groei in heiligmaking word die teenwoordigheid van Heilige Gees net meer. Met volle oorgawe kom Heilige Gees en maak die ruimte wat om jou bestaan vol met Sy teenwoordigheid. Elke persoon het 'n potensiële ruimte om hom wat kan verander. Die oomblik as iemand van buite af in hierdie ruimte inbeweeg, kan dit hom affekteer.

Hy kan redding, bevryding of verlossing of genesing ontvang. Baie keer kan daar 'n gevoel oor die persoon kom wat hom kan oopmaak om gered te word.

Dis tog ons doel op aarde: Leef in Sy heerlijkheid. Wees die Lig vir die wêreld. Die beste wat jy kan doen is om jou lewe prys te gee aan die Koning van die heelal, Jesus Christus.

.....

SOOS IN DIE HEMEL SO OOK OP DIE AARDE **(Sterna Franzen)**

God het 'n 3-string DNA, ons mense het net 'n 2-string.

Dr. Sterna Franzsen sê altyd dat God haar wys dat waar twee mense in die Woord is, maak dit 'n vlam.

Dis dieselfde wat gebeur waar die vlerke van die gerubs op die ark na mekaar toe uitgestrek is en die heerlijkheid van God daar skyn. Hierdie bymekaarkom kan die gees-realm oopmaak en 'n dimensie veroorsaak waarin God kan inkom en Sy 3de string kan inweef in ons DNA. Dit gebeur as ons Sy heerlijkheid kan bereik.

Die skrif sê: 'As we behold Him without a veil', sal ons verander word in Sy ewebeeld van glorie na glorie.

Dit verwys na die verandering van die DNA.

'n Wetenskaplike studie oor intuïsie (waaroor ek gepraat hy oor die poort-openinge na God') het gewys dat die hart bewus word van dinge voordat die brein dit doen. Met ander woorde, die vermoë om te weet wat in die toekoms kan gebeur, is in ons ingebou.

Ons hart is ons verbintenis met die geesdimensie.

Romeine 8:19;

'Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders/seuns/die familie van die almagtige God'.

Dit sê die hele skepping wag, nie net die aarde nie.

Ons moet verby die aarde, ons wese en hierdie realm kyk.

In hierdie stadium draai alles rondom jou bediening, jou gawes, jou talente en jou roeping, terwyl dit eintlik later van verbygaande aard gaan wees. Die Woord sê dat gawes en profisieë later sal verdwyn.

Openbaring sê daar sal 'n nuwe hemel en aarde kom.

Dis nie vir eendag as ons dood is nie, dis vir nou.

Ons moet dit aarde toe bring.

Romeine 8:21;

'In die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die agteruitgang/verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God'.

So die aarde is in totale korrupte gevangeneskap na die sondeval en soos God se kinders vrygemaak word in die openbaring van seuns van God, is dit ons verantwoordelikheid om hierdie aarde weer nuut te maak. Ons moet ophou om te glo wat mense sê en na hulle toe hardloop oor wat more gaan gebeur. God weet beter as enige mens en eerstehandse kennis is die beste.

Ons as seuns en familie van God moet openbaar word.

Dit sal eers in die geestelike dimensies moet gebeur voor dit op die aarde manifesteer. Dis hoekom julle al meer sal hoor dat ons in die koninklike realm moet beweeg en leef, want dis die realiteit.

Jy kan nie 'n seun van God word as jy nie eers weet hoe dit in die gees werk nie. As jy glo jy kan nie daar ingaan nie, moet jy jou denke hernu.

Wat beteken dit om 'n seun van God te wees?

Dit beteken om verantwoordelikheid te neem in die realms van die koninkryk en daar te funksioneer, terwyl jy nog hier op aarde is.

Ons moet geesvervuld wees en so optree. Dan sal dit wees soos Jesus se gebed wat sê: 'Soos in die hemel, so ook op die aarde'.

Baie van ons verstaan en weet nie waarvoor God ons geroep het nie.

Hierdie roeping is eerstens wat jy hier op aarde moet kom maak.

Jou daaglikse werk, jou familie en jou verhoudings.

Dan kom die geestelike roeping wat nie beteken 'n voltydse bediening nie. Dis jou gawes, jou passie en jou liefde.

Daar word op 'n daaglikse basis nuwe sterre, sterrestelsels en hemel-liggame gebore. Daar is plekke in die heelal waar 'donker materiaal' is, net omdat God se lig nog nie daar skyn nie, omdat Sy seuns nog nie daar is om die lig te bring nie – die Lig van die wêreld. Dis dimensies waarheen ons moet gaan.

Wat was Adam se roeping op die aarde? **Genesis 1:26-27;**

'En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.

En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape'.

God het die mensdom geskape eers net as Adam. Adam die man en Adam die vrou. Sy roeping was om te gaan en te vermenigvuldig op 'n manier wat ons nie regtig verstaan nie, as man en vrou in een. Die hele gedagtes is dat dit nie bedoel was in die Tuin in Eden nie, omdat Adam en Eva totaal in die gees funksioneer het.

As Adam nooit sonde gedoen het nie, wat sou dan met daardie mensdom van perfeksie gebeur het? Ons weet nie.

God het die heelal geskep met 'n rede en ek glo dat dit God se intensie was dat die oorspronklike mensdom die skepping moes besit, beheer en domineer. Toe maak God 'n Adam uit die aarde en ons het altyd gedink die eerste en tweede Adam is dieselfde. Nee.

Die eerste Adam en alles wat daar gemaak is, was eers in die geesdimensie geskep en daarna eers uit die aarde se grond – wat in daardie stadium nie korrumperte grond was nie.

Toe plaas God hom in 'n tuin **in** Eden, nie die tuin **van** Eden nie.

Dit beteken dat die mensdom in daardie stadium in 'n geesdimensie geleef het. Daarom het God vir hom 'n aardse liggaam gemaak sodat hy trans-dimensioneel op die aarde en in die hemel kan funksioneer. Mense is die enigste wesens ooit geskape, wat trans-dimensioneel kan funksioneer. Engele en demone kan dit nie doen nie. Satan kan nooit weer teruggaan en in die hemele opereer as 'n goeie engel nie. Daarom probeer hy die hele tyd sy DNA in mense sit, sodat hy weer trans-dimensioneel kan opereer.

Want deur hulle wat hy beheer, kan hy.

Eva se naam het eers na die sondeval 'Eva' geword – 'die moeder van lewe'.

Iets baie meer as net 'n appel eet, het by die sondeval plaasgevind.

.....

DIE VIERDE DIMENSIE

Die lering van die Vierde Dimensie het dr. Paul Yonggi Cho totaal verander. Dis op hierdie beginsel dat hy sy groot kerk in Korea gebou het.

In die heelal is daar drie tipes geeste: Heilige Gees van God, die gees van die duiwel en die menslike gees.

Dimensies: Ons besef dat Jesus Christus in ontelbare dimensies kan beweeg. Ons almal ken die beginsel van lengte, breedte en diepte. Die drie afmetings vorm 'n kubus en is drie-dimensioneel. Die materie van die aarde behoort aan die derde dimensie – alles wat op aarde is en leef. Die geestelike koninkryk van geloof behoort aan die vierde dimensie.

Die aarde en alles daarop is die derde dimensie en is verander en gevorm deur God in die begin. Die derde dimensie beheer die eerste en tweede dimensies. Dus beheer die vierde dimensie ook die derde dimensie. Die gevolg daarvan was 'n skepping pragtig en mooi.

Alles in die gees is die vierde dimensie.

In die vierde dimensie kan jy goed óf kwaad skeep.

Elke mens op aarde is 'n geestelike wese, sowel as 'n fisiese mens. Almal het egter die derde én die vierde dimensie in hulle harte.

'n Mens kan sy geestelike sfeer van sy vierde dimensie ontwikkel.

Hy kan dit doen deur sekere ondervindinge, visies, drome en profetiese woord in sy gedagtes en verbeelding. Dit beteken net om ten volle vervul te wees met Heilige Gees, wat jou dan beheer.

Hierdie verandering en aktivering van jou vierde dimensie plaas jou in 'n posisie waar jy die derde dimensie in jouself en in ander mense wat in die derde dimensie is, kan beheer en verander.

Dis waarom jy, as jy in die vierde geestelike dimensie beweeg, iemand wat in die derde dimensie is, kan bevry en verlos.

So ook kan iemand wat betrokke is in die okkulte homself ook verander. Hy kan aktief word in sy vierde dimensie deur bese en geestelike ondervindinge. Sy vierde dimensie het nou krag oor sy derde dimensie en sy menslike geesmens. In die vierde dimensie kan jy nou goed of kwaad skeep.

God het oorspronklik aan mense krag gegee om oor die skepping te heers. Dit kan alleenlik werk deur 'n mens se vierde dimensie – sy geestelike dimensie. Ons kan alleenlik mag uitoefen en beheer neem deur ons geesmens. Dit was God se oorspronklike plan vir ons.

Sy plan is dat ons almal geestelike wesens moet wees.

Ongelukkig leef daar soveel mense, en dit sluit vele in die kerk in, wat nie 'n aktiewe gees het nie, en nie geesvervuld lewe nie.

Ongelowiges kan ook hulle gees aktief kry op dieselfde manier. Hulle word nou net aktief in die negatiewe bonatuurlike lewe.

Omdat hulle nou 'n aktiewe gees het, kan hulle beheer uitoefen oor die derde dimensie in ander mense. Dit sluit hulle fisiese gesondheid en siektes in. Daarom kan ons ook genesing en wonders sien in die okkulte. Dis die groot waarskuwing in die Bybel dat die vals profeet aan die einde wonders gaan doen wat selfs die gelowiges gaan mislei.

Dis ook waarom 'n toordokter iemand anders kan siek maak of in die gees doodmaak. Net omdat die ander persone slegs in die derde dimensie leef en hy in die vierde.

In baie van die Oosterse en Afrika-godsdienste sien ons dit.

Die persoon se menslike gees voeg hom by die gees van die bese vierde dimensie. Deur hierdie bese vierde dimensie kan hulle nou beheer neem ook oor hulle eie liggame en omstandighede.

Dis hoe die towenaars in Egipte beheer oor sekere omstandighede geneem het. Presies net soos wat Moses ook gedoen het.

Moses se staf het ook 'n slang geword. Omdat Moses in die positiewe bonatuurlike dimensie was, kon sy slang die ander opvreet.

Op dieselfde manier kan ons Christene ons geestelike vierde dimensie inskakel met die vierde dimensie van God die Vader. Dit gee aan ons dan die vermoë om te kan heers oor omstandighede.

As ons dit nou reg gebruik kan ons dit met groot sukses inspan om beheer te neem oor die derde dimensie van al die ongereddes op aarde. Dis hoe ons die groot oes aan die einde gaan inbring.

Wat ons ook moet besef is dat die mag wat ek het in die positiewe bonatuurlike vierde dimensie, baie groter is as die krag van dié wat in die negatiewe bonatuurlike funksioneer.

Daarom het ons in die vierde dimensie ook sekere mag om die omstandighede om ons te kan beheer. Dit het gebeur toe Jesus dit vir ons moontlik gemaak het om in Sy outoriteit te wandel.

Daar kom altyd leiers in die okkulte en ander godsdienste wat sê: 'Ons kan ook wonderwerke doen'. Dit is so, want hulle het hulle vierde dimensie ontwikkel om beheer te kan neem oor die menslike liggaam en omstandighede. Dis hoekom hulle liggame 'n ander vorm kan aanneem en hulle kan verander in bv. 'n bobbejaan of 'n slang, wat eksel al fisies beleef het.

Die groot verskil is net dat hulle gees nie die gees van redding en wedergeboorte in hulle het nie, al kan hulle ook werke doen.

Mense kan hulle vashaak aan die vierde dimensie en so kan hulle beheer oorneem oor die derde dimensie. Hierdie beheer beteken dat hulle jou omstandighede kan beïnvloed. Dis die hele doel van bese mense om dinge in en om my en jou te probeer manipuleer. As ons slegs in die derde dimensie leef, kan hulle dit regkry.

Met hierdie krag wat tot hulle beskikking is, kan toordokters in Afrika elke kind of baba wat na hulle toe gebring word, deur sekere rituele inisieer in die sataniese. Dis ook presies wat gebeur in die inisiasieskole vir jong kinders. Hierdie kinders is slegs in die derde dimensie en is almal slagoffers van bese mense.

Ook in ons huise gebeur dit dat ouers en groot mense kinders se lewens kan verwoes. Omdat dit moontlik is, verstaan ons nou baie meer wat eintlik aangaan.

Wat het oor jare in die New Age gebeur?

Hulle het agtergekom dat in die negatiewe bonatuurlike lewe hulle transendentiaal kan beweeg en mediteer. In hierdie tipe meditasie is dit absoluut noodsaaklik dat dat jy spesifiek 'n doel en 'n visie moet hê. Hulle skets wat hulle soek en herhaal dit oor en oor en oor en probeer in die gees sien. So kry hulle later die vierde dimensie oop. Hierdeur kan hulle beheer neem en selfs wonderwerke doen.

Hulle het groot klem begin lê op jou onderbewussyn.

Die onderbewussyn is eintlik jou gees. Dit waaraan jy onbewustelik blootgestel word of ondervind, al weet jy nie regtig wat aangaan nie. Paulus leer ons daarvoor en noem dit die 'innerlike mens'.

Die New Age het probeer bewys dat daar energie vrygestel kan word en hoe jy dit kan beheer en hoe jou energieveld werk.

Omdat jou onderbewussyn ook in die vierde dimensie is, en daarom 'n sekere mate van krag besit, het dit gelei tot baie misleiding. Nou, dit is moontlik en waar. Die probleem is weereens dat dit vir hulle bly in die negatiewe bonatuurlike en word daarom deur hulle negatief aangewend.

Hulle het sover gegaan om die onderbewussyn later as god te sien. Hulle is geleer om die menslike gees later in die plek van Jesus Christus te plaas. Dis die groot misleiding.

Satan bly in beheer van die bese vierde dimensie om so te kan slag, steel en te verwoes. God die Vader is daarenteen heilig en almagtig. Sy vierde dimensie sal altyd kreatief wees en orde bring. Dit moet ons begeerte bly om so te kan leef.

Praktiese voorbeelde van die invloed van die vierde dimensie:

Daar was in Amerika 'n jong man wat moord gepleeg het. Sy verweer was dat hy beïnvloed is deur erge geweldadige televisie programme. Daar is defnitief so 'n moontlikheid.

Wat gebeur het is dat hierdie jongman, nadat hy na 'n program gekyk het, begin het om sy vierde dimensie te aktiveer. Hy het die geweldadige deel vir homself begin neem en het daarna voortgegaan en dit self gedoen. Dis al hoe hy net moord kon pleeg. Dis presies wat vandag nog met boewe gebeur. Die moord begin eers in hulle gees en gaan dan later oor in die handeling.

Heilige Gees is alomteenwoordig en daarom is Sy vierde dimensie nie beperk tot sekere areas nie. Hy lewe in onbeperkte dimensies. Ons as mense is egter baie beperk deur plek en tyd en die enigste manier waarop ons ons self kan laat aktiveer is deur omstandighede, ons verbeelding en deur ons visies en drome. Daarom wil Heilige Gees in ons bly om ons te lei hierin.

Visies en drome is die taal van die vierde dimensie en Heilige Gees kommunikeer deur hulle. Dis slegs deur drome en visies dat jy kan sien om groter kerke te bou en waar om volgende te gaan evangeliseer. Dis waarom die Bybel sê dat as ons nie visie het nie, alles verlore sal gaan.

Sien in jou drome en visies wat God nog alles vir jou wil gee. Toe God ons geskape het, het Hy ons in die vierde dimensie geskape. Dis in die geestes-dimensie.

Daarna het Hy vir ons elkeen die opdrag gegee: 'Lewe in hierdie dimensie. Neem beheer oor jou omstandighede en heers oor die hele derde dimensie'. Dit sluit die wêreld daar buite in.

Ek kan nie my hele bediening uitvoer deur aan elkeen se deur te gaan klop en jou te smee om in oorwinning te leef nie. Ek lewe in geloof dat alles hier sal groei soos wat Hy wil hê dit moet wees. Die moeilikste deel van my hele bediening is dat julle met mekaar kompeteer. Die oomblik as daar kompetisie en beheer en jaloesie oor mekaar kom, is julle almal in die derde dimensie, en mis julle julle doel. Enige probleme in jou siel trek en hou jou in derde dimensie.

God wil vir jou deur drome en visies en profesie kom verander om vir jou 'n nuwe land te gee. Hy wil hê dat jy die nuwe land in besit moet neem. Hy wil dit vandag nog vir jou doen. Jy kan en moet net in die vierde dimensie begin beweeg.

Mense is gemaak in die afbeelding van God. God is die God van wonders en daarom kan ons as Sy kinders in dieselfde dimensie beweeg. Sonder om wonders te sien kan ons nooit tevrede wees met Christenskap nie.

In ons is die vermoë om die volheid aan die kerk te gee. Die Bybel gaan nie oor die derde dimensie nie, maar oor die vierde, want daarin kan ons die taal van Heilige Gees leer. Deur die Woord te lees kan ons ons visies en drome vergroot. Laat toe dat Heilige Gees dit vir ons oopmaak en aktiveer.

Die grootste doel van die kerk moet wees om almal te help om totaal vervul te word met Heilige Gees. Ons moet nie slegs fokus op bekering nie, maar op 'n geestelik-vervulde lewe.

Verander vandag jou woorde en verwagting. Hou op om negatief te praat en te min van jouself te dink. Moet nie kyk na prentjies van mislukking en hoe jou oes verwoes gaan word deur droogte nie. Hou aan droom van 'n groot oes. Verander jou gedagtes oor die land.

Weet jy waarom God nie al jou gebede beantwoord nie? Jy het die verkeerde plan vir jou lewe aan Hom bekend gemaak. Jy het jou altyd as 'n verloorder gesien en daarom het dit gebeur. As jy wil verander gee aan God 'n nuwe plan. Maak skoon en vee die ou plan wat jy geteken het uit. Begin om 'n nuwe een te skets.

Begin bid: 'Vader God, ek wil die nuwe skets sien.

Heilige Gees vloei nou deur hierdie prent in my en verander my asseblief. Doen vandag 'n wonderwerk in my lewe.'

Laat ons begin om meer te doen as die Egiptiese towenaars.

Daar is baie towenaars in die wêreld vandag en almal is in die negatiewe vierde dimensie.

Deur ons heerskappy in die vierde dimensie, die dimensie van geloof en die gees, kan ons omstandighede en situasies verander.

Kom ons gee mooiheid aan die lelikes en die chaotiese, en genesing aan dié wat treur en swaarkry.

.....

GESALF VIR AKSIE

Ons moet besef dat almal hier binne en daar buite uitroep na 'n beter wêreld. Die oplossing hiervoor is nie te vinde in godsdiens of politiek nie.

Daar is iets hier in die kerk. Dit is binne in jou en in my, en eintlik behoort dit nog altyd aan ons. Dit was nog altyd ons goddelike reg om dit te hê. Dis iets pragtigs, maar dit lê ongebruik vir eeue en wag vir ons om dit weer op te neem. Dis die Koninkryk van God.

Wat was die oorspronklike doel van die skepping en die doel vir jou lewe? Ons moet weer die oorspronklike motivering van die Skepper self ontdek. Sy doel met die wêreld en ons rol daarin.

Wat was God se idee? Na wat soek en jy eintlik?

Alles gaan oor Sy Koninkryk. Die Koninkryk van God.

3500 jaar gelede het Moses al alles oor die Koninkryk neergeskryf. Toe, 2000 jaar gelede is hierdie wonderlike idee weer aarde toe gebring deur 'n jong man van Galilea. Dit was ongelukkig totaal verkeerd verstaan en het verlore geraak met die vorming van godsdiens.

Wat het verlore gegaan?

Die konsep van 'n Koning wat heers oor Sy koninkryk. Omdat daar tans nie werklik enige konings en koninkryke op aarde is nie, is ons 'n generasie wat nog nooit die diepte en die oorspronklike doel daarvan gesien het nie. Dit bly die grootste boodskap wat nog ooit vertel is, en ons verstaan dit nie!

Die groot doel vir die kerk in hierdie tyd is om die generasie van nou voor te berei om hulle standaard van reinheid en krag te verhoog, sodat ons nasies kan verander. Hierdie generasie wat dit gaan doen, is nie beperk deur geslag of ouderdom nie.

Die tyd het gekom dat ons die alarm moet laat lui wat die krygsmanne en -vroue moet mobiliseer om alles te gaan wen vir die Koning en Sy Koninkryk.

Die beweging gaan oral in die wêreld opstaan om die Koninkryk van God te demonstreer deur die krag van God. Ons almal weet dat die Koninkryk nie bestaan net uit woorde nie, maar deur Heilige Gees-gedrewe werke.

Ons het nou al oor en oor gesê dat daar van ons verwag word om dieselfde bonatuurlike dinge te doen as wat Jesus gedoen het. Dit klink soms so onwerklik, maar ons moet elkeen op soek wees na hierdie kragwerking. **Lukas 10:19** sê: 'Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en Ek gee aan julle mag oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie'.

Die een ding wat nodig is, is 'n dieper verhouding met Heilige Gees. Hy sal ons toerus om in krag te beweeg in die koninkryk. Die Skrif sal altyd vir ons die antwoord gee op die ou vraag: 'Waarvoor is ek geroep op aarde? Kan ek werklik in 'n oorwinnende lewe leef?'

As gelowiges moet dit ons doel wees om 'n lewenswyse te hê wat strook met God se Woord. Dit moet altyd die bloudruk vir jou wees. In geloof moet jy jouself sien as 'n geskiedenismaker! Ons gaan nog ongelooflike dinge in Sy Naam doen.

Dis so belangrik dat ons die sleutel moet kry om al die pynlike mislukkings van die verlede te oorkom. Jy mag nooit toelaat dat die verloor in die verlede, jou moet keer om oorwinnings in die toekoms te kry nie. Net 'n paar van ons met 'n vuur wat hier binne brand, kan 'n hele nasie draai.

Kom ons sê hardop: 'Ek het 'n Godgegewe doel!'

Ons is gekies deur God in die verlede, om in 'n tyd soos hierdie te leef, om die toekoms te verander. Ons het 'n bonatuurlike einddoel.

Dis hoog tyd dat ons moet besef dat elkeen 'n deel uitmaak van God se plan en Sy doel. Laat ons opstaan, koppe omhoog soos

glinsterende soldate. Laat ons in oortuiging begin loop met die versekering dat God elke oomblik saam met ons is. Daarom gaan ons glinster en lig bring in 'n wêreld wat donker is van sonde.

God kom sê vir my vandag: 'Gaan vertel die kerk dat hulle 'n doel het. Julle is gekies deur My, vir My'. Elkeen van ons het 'n vermoë wat niemand anders het nie.

Johannes 15:16;

'Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee.'

Ons moet so bemoedig wees as ons lees 'God het elkeen uitgekies'. Die oomblik as ons dit verstaan, verdwyn al die verwerping en depressie van die verlede.

Die doel van die lewe moet nog altyd wees om te kan sê aan die einde: 'Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou'. Dis aan dié wat die geloof gaan behou wat die Here sal sê: Mooi so, goeie en getroue dienskneg'.

Maar, ons moet dit mooi verstaan en besef dat ons 'n lewe moet lei waarin ons doelgerig alles moet gebruik wat God aan ons gegee het, om 'n inpak vir die Koninkryk te maak.

Dis waarom ons Sy krag en Sy gawes ontvang en Sy salwing vir aksie. Die oes moet ingebring word!

Oral waar ons kom sien ons mense wat 'n hongerte vir God se krag het. Dit alles begin met 'n diep brandende hongerte vir verandering. Ons moet altyd weet dat as ons God soek, sal ons Hom in 'n dieper intieme manier ontmoet. Daar is soveel onstabiliteit in die wêreld en God wil hê dat ons nou moet begin om 'n verskil te maak.

Die Gees van die Waarheid is besig om ons gereed te maak vir promosie. Elkeen van ons is geroep om 'n geskiedenismaker te word. Dis tyd vir ons om te besef dat ons die strydwa is waarin God se krag is. Elkeen van ons is die wa vir die Koning.

Elkeen van ons is ook 'n ambassadeur vir Jesus Christus.

'n Ambassadeur is 'n verteenwoordiger met dieselfde outoriteit as die eienaar wat ons uitstuur. Dis waarom die outoriteit wat ons het dieselfde is as Jesus s'n.

Vroeg in Sy bediening het Jesus oor Sy doel op aarde gesê:

Lukas 4:18-19;

'Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die

evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here – Sy Koninkryk – aan te kondig’.

Ons as gelowiges moet besef dat, omdat Heilige Gees in ons leef, dit moontlik gaan wees om te doen wat Jesus gedoen het.

Jy moet vandag weet dat God jou nie sal uitstuur namens Jesus, as Hy jou nie volledig toegerus het om dit te kan doen nie.

Kerk, ek en jy is gebore om in hierdie tyd te leef.

Ons is uitgenooi deur God om deel te wees van die hoogste en belangrikste tyd op aarde: Die vestiging van die Koning se Koninkryk.

Ons is elkeen geroep om sterk te staan en vervul te word met God se krag, onoorwinlik, om die kragte van die duisternis te oorweldig. So moet ons die Menorrah – God se Lig – op aarde vestig.

So sal elkeen van ons deel word van hierdie Koninkryk. Ons hoogste doel: Vader, maak my deel van U Koninkryk! Vestig dit in my hart!

Om dit te kan doen is God besig om ons toe te rus om na die volgende vlak toe te gaan. Hierdie is nie vir my ’n voorstel nie – aan my is dit ’n opdrag: Neem hulle hoër.

Sien jouself vandag as deel van die generasie wat beheer gaan oorneem. Vorentoe in krag en outoriteit, om die sienbare wêreld om ons, te verander deur die onsienbare wat in elkeen van ons is.

Almal wat daarin deel, sal deel hê in die Koninkryk self.

Manlik, vroulik, jonk en oud is deel daarvan.

Ons moet net meer as oorwinnaars wees.

In die brief aan die laaste gemeente wat daar gaan wees, in

Openbaring 3, sê Jesus Christus:

‘Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

Aan hom wat al die versoekings kan oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit **in** my troon, net soos Ek ook oorwin het en saam met my Vader **in** Sy troon gaan sit het’.

Om al hierdie versoekings te bowe te kom, moet ons beweeg in die krag van Christus se liefde. Die Gees van God sal aan elkeen bonatuurlike genade gee om God se liefde te kan uitdra.

Ons het so lank gesoek na God se krag, maar God self wil eers Sy passie, Sy visie, in elkeen van ons stel.

‘n Doping van liefde gaan nou vrygestel word en dit is die liefde van Jesus. Dit is wat ons gaan motiveer om verder te gaan.

Ons moet altyd onthou: Jy kan nie iemand probeer verander, as jy nog nie probeer het om hom lief te hê nie.

Vrouens, julle raak kwaad vir julle mans, en gewoonlik met genoeg rede. Jy bid al solank dat hy moet verander, maar omdat jou liefde vir hom kwyn, dryf jy hom verder van jou weg. Wees lief vir die ding daar by die huis – dis al hoe jy hom kan help om te verander.

Dieselfde geld vir die oes: Hoe meer ons ons teenstanders en die soekers na waarheid kritiseer, hoe moeiliker gaan dit wees om hulle te bereik.

Iemand kan ‘n kanaal na jou toe skep – al is jy nie daarvan bewus nie. Die oomblik as jy iemand begin haat of sleg van hom praat, skep jy ‘n negatiewe kanaal (‘an avenue’) na hom toe. Jy praat nou deur hierdie kanaal negatiewe dinge. Die persoon is onbewus daarvan, maar hy voel die pyle, en weet nie vanwaar hul kom nie. Deur hierdie kanaal hou jy hom eintlik in gebondenheid, en kan niks hom bereik nie. As jy vandag haatspraak uitspreek teen president Jacob Zuma, skep jy ‘n kanaal na hom toe. Al die negatiewe pyle wat na hom toe kom, verhoed hom om te verander.

So hou ons mense gevange met negatiewe woorde, en word hulle naderhand onbereikbaar. Dan wonder ons soms waarom hulle nie kan verander nie.

Die Koninkryk van God sal beweeg uit ‘n fondasie van ware liefde. Ons soek na krag, maar God wil eers passie in elkeen van ons sit. Om uit te gaan en die liefde van Jesus vir elke boosdoener te gee, gaan hom baie makliker bereik en verander as die swaard of enige hof of tronk.

Hoe gaan ek en jy nou prakties verder optree?

Jy moet weet dat die ding in jou eie lewe wat jou die meeste irriteer, moontlik die probleem is waarvoor God jou geroep het om op te los. Jy mag sê: ‘Ek werk nie met verslaafdes nie!’ Maar dis dalk presies waar God jou wil hê.

Dis die mense wat 'n passie in jou lewe kan ontsluit – dis hulle waarvoor God jou dalk gestuur het. Baie keer weet jy dit nie eers nie. Dít waarvoor jy bereid is om van weg te draai, sal bepaal wat God na jou toe sal laat kom.

Die oomblik as jy totale oorwinning oor iets behaal het, gaan God jou gebruik om ander mense mee te help om van vry te kom.

Gehoorsaamheid aan die geloof is alles. God red en beloon ons uit genade, nie deur wat ons vir Hom doen nie. Dis eers nadat Hy jou vrygemaak het wat God met jou kom praat oor jou werke.

Hoe jy gaan reageer van more af, gaan die bewys wees van jou gehoorsaamheid aan Hom.

Jy kan nie die sout van die aarde wees as jy nie jou geloof en jou aksies, kombineer nie. Sout is natriumchloried.

Óf Natrium, óf Chloried alleen, kan jou doodmaak, maar in kombinasie is dit wonderlik. Geloof, en dan dinge doen, gaan saam. Dit maak jou die sout van die aarde.

Daar is altyd 'n tyd om saam met Jesus te loop.

Daarna kom die tyd om vir Jesus te loop. Namens Hom.

Geliefdes, laat Sy Koninkryk hier op aarde kom, net soos wat dit ook in die hemel is. Laat ons vandag met ons werk begin!

.....

ONTDEK DIE KONINKRYK

Die grootste bedreiging vir die mensdom vandag, is die mens self. Kyk maar elke dag wat ons aan mekaar doen, hoe ons die natuur en die skepping verwoes, hoe ons agv verskillende kulture mekaar teenstaan en beveg. Alles wat ooit geskape is en alles wat deur mense ontdek is en gemaak is, staan in gevaar om deur die gees van verwoesting in ons, ten gronde te gaan.

Ons bou geboue, maar bombardeer hulle dan daarna.

Ons ontwerp en vervaardig wapens, maar gebruik dit daarna teen onself. Ons ontdek medisyne wat kan gesond maak, maar hou dit dan weg van siek mense.

Ons ontwerp tegnologie, maar laat dan toe dat dit ons kinders in ons eie huise afbreek en verwoes. Mens, die vyand van mens.

Wat gebeur in kerke wêreldwyd? Almal probeer wegkom van die sosiale chaos waarin ons is, en gaan kerk toe.

Die maklikste manier is om daar te verval in oppervlakkige godsdienstigheid. Solank as wat dit ons troos, is almal gelukkig. Godsdien is die mees kragtige ding op aarde. Almal wat leef het 'n stel reëls en probeer godsdienstig wees. Al aanbid jy die son.

In die geskiedenis van die mensdom het godsdien gesorg vir die meeste oorloë. Alles wat mense aan mekaar gedoen het, is regverdig deur waarin ons glo.

Dit het veroorsaak dat miljoene mense weggedraai het van godsdien na humanisme of 'n 'geen-god' bedryf.

Mense het nog altyd 'n leegheid binne-in hulself gevoel. Ek en jy ook. Die honger na krag en iets meer het ons almal gedryf om soekers na die waarheid te word. Die sterkste dryfveer in die lewe is die soeke na krag en 'n doel in die lewe. Iets om voor te leef.

Wat het gebeur toe God mens gemaak het. Hy het almal basies dieselfde gemaak. Vir almal het Hy gesê: 'Gaan heers oor My skepping' en Hy het dit in almal geplaas. Daarom het dit later alles begin word in die mens.

Toe God gesê het: 'Gaan heers', het Hy die woord 'mamlakah' gebruik wat beteken 'koninkryk' of 'koninklike krag' of 'heerskappy'. Die eerste ding wat God aan 'n mens gegee het was 'n koninkryk. Daarom het Hy in die mens 'n vermoë geplaas om te kan regeer.

Dit is in 'n mens om 'n behoefte te hê om beheer te neem oor sy omgewing en oor sy omstandighede. Dit is die bron van 'n begeerte na krag en outoriteit in ons. Geestelike krag is 'n natuurlike ding vir 'n mens. God het dit in ons almal gesit.

Ons almal weet sonde het ingekom en mens het sy koninkryk verloor. Hy het sy heerskappy verloor. Mense het die beheer oor die aarde verloor, maar hy het nie hemel verloor nie. Ons het God nie verloor nie. Daarom soek mense vandag nie na godsdien of die hemel nie, hulle is op soek na 'n koninkryk hier op aarde. Dis waarom godsdien, sonder die krag van die Gees, nooit die groot honger in die hart van 'n mens kan vul nie. Slegs woord-godsdien kan nooit opmaak vir die koninkryk nie. Om slegs woorde te spreek, sonder daad, kan nooit die leegte in 'n mens se siel vul nie. Die hongerte in 'n mens se hart is na die verlore koninkryk.

Die Bybel kom nou en vertel vir ons van die begin tot die einde van 'n Koning en Sy Koninkryk. Die Bybel gaan nie oor godsdiens nie, maar oor die terugwen van dit wat verlore is.

Jesus Christus kom aarde toe, nie om godsdienstige reëls te begin nie. Hy kom weer om Sy Koninkryk vestig. Alles wat Jesus gedoen het, al Sy gebede, die leringe, die genesings en die wonderwerke was gefokus op Sy Koninkryk. Dit was Sy hemelse mandaat. Dis hoekom Hy gekom het. Wat het Hy ons kom noem wat daardie dieselfde begeerte het? 'n Heilige Priesterdom, 'n heilige nasie of seuns van God.

Wat was Jesus se heel eerste publieke aankondiging?

Mattheus 4:17;

'Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het binne julle bereik gekom'.

En **Mattheus 5:3;** 'Geseënd is hulle wat soek na die waarheid, want hulle sal die koninkryk van die hemele vind'.

Wat is die Koninkryk van God?

Dis nog altyd God se begeerte om Sy Koninkryk op aarde te vestig. Die grootste voorbeeld daarvan is in die hemel, maar nou moet ons dit aarde toe bring. Dit is die bonatuurlike, onsienbare regering wat hier gevestig moet word.

Die Koninkryk van God is die heerskappy en oorheersing op aarde van die Koning Jesus Christus, in 'n sienbare vorm.

Koninkryk beteken om te kan heers hier, en doen hier, wat Jesus gedoen het toe Hy op aarde was. Jesus Christus het oor drie bonatuurlike realms gepraat toe Hy gesê het:

'Aan U behoort die **koninkryk** en die **krag** en die **heerlikheid**, tot is ewigheid'.

Die Koninkryk is die heerskappy van God – om te heers.

Die krag is die moontlikheid wat in God gevind kan word, en die heerlikheid of glorie is die teenwoordigheid van God.

Jesus het gekom om ons voor te berei dat elkeen van ons dit kan ontvang. Daarom het Hy mense kom toerus om dit te doen.

Ek persoonlik het 'n mandaat van God om saam met jou te loop meneer en mevrou, om hierdie waarhede weer op te neem en ons eie te maak.

Hoe gaan ons prakties daar uitkom? Kom ons kyk na 'n paar waarhede:

Ons almal moet wysheid ontvang oor hoe om nou op te tree. Wysheid is die verkryging van die doel van God vir jou lewe. Hoe? Deur radikale gehoorsaamheid. Ons is almal geroep om êrens radikaal te word.

Ons moet die verskil verstaan tussen herlewing en om die oes in te bring. Herlewing moet in die kerk begin waar so baie kerkgangers nie toegerus is om siele te wen nie.

Herlewing beteken om krag te ontvang om uit te kan gaan en die oes in te bring. As ons nie nuwe bekeerlinge inbring in die kerk nie, was herlewing tevergeefs.

Elkeen van ons vandag hier is geroep en moet toegerus en gesalf word om siele in te bring. Sommiges is hier in die kerk en ander daar buite. Ons almal se begeerte moet wees om wonderwerke in ons eie lewens te sien en dan ook in ander. Weet net dat ons kán.

So baie mense het al 'n bokamer-ondervinding gehad. Hulle het vervul geraak met God se Gees, maar het net daar gestop.

Daar kan kragondervindinge wees en profetiese woorde, maar as dit beperk bly tot die kerk, bereik ons nie Jesus se doel nie.

Lukas 24:19;

'Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk'.

Die volkome krag van die Koninkryk kan alleenlik daar wees as woorde en daede gekombineer word.

Jesus Christus het die hele tyd beweeg in woorde én daede.

Handelinge 1:1;

'Die eerste verhaal, Theófilus, het ek opgestel oor alles wat Jesus begin doen en leer het'.

God se Woorde wys altyd dat Jesus oor dinge gepreek en geleer het, en daarna dinge gedoen het. Sy tekens was die gevolg van Sy lering. Sonder geloof sal die Koninkryk nie die maksimum impak hê nie.

Ons het almal al geleer dat teologie, sonder daede, dooie wetenskap is.

Die oorgrote meerderheid van die navolgers van Jesus terwyl Hy op aarde bedien het, was nie daar om te hoor waar om kerk te gaan nie. Hulle wou hoor wat Hy sê oor die Koninkryk en die wonderwerke beleef wat Hy gedoen het. Dwarsdeur die Evangelies sien ons dat dit Jesus se metode van aanbidding was.

Ek moet daarvan getuig oor al die lande waar ek al bedien het. Daar was so groot teenstand in sekere plekke teen die evangelie. Meestal was die enigste manier om hulle harte sag te maak, die demonstrasie van God se krag.

'n Bediening wat wonderwerke kan laat gebeur, moet ook siele kan inbring. Ons moet net nie in die proses Heilige Gees se vloei belemmer of vertraag nie. Waar die vuur van Sy bediening vloei moet ons net nie onself beperk deur water op die vuur te gooi nie.

Ek is heeltemal oortuig dat daar nog baie meer in God is. Laat ons die verlede vergeet en vorentoe beur in die toekoms. Is jy honger? Ek wil verklaar dat niks wat ons al ooit gesien het, sal vergelyk met wat ons nou in die Koninkryk gaan ontdek nie.

Charles Spurgeon het altyd gesê: 'Wanneer en waar God mense roep om groot dinge te doen, het Hy hulle altyd eers in stukke gebreek'. Nederigheid en respek speel hier so 'n groot rol.

Daar is verseker 'n karakter-protokol wat ons moet volg.

Ons is so geneig om net op ons sterk punte te roem, maar ek wil vir jou sê: Werk aan die swak punte in jou lewe. As opstandigheid en hard-koppigheid en eie-wysheid jou weerhou van totale oorwinning, moet jy daaraan werk. Dis soveel belangriker om deur mense respekteer te word, as om net die hele tyd te kyk of hulle van jou hou. Respek is baie groter as aanvaarding. Mense moet begin om jou te respekteer vir wat God deur jou kan doen.

Die werk van die leier in die kerk is altyd om mense in die kerk te sien vir wie hulle kan wees. Moet nie kyk na waar hulle tans geestelik is nie – kyk waarheen hulle oppad is.

En kerk, moet net nie jou eie geloof begin verloor as jy ander mense sien wat antwoorde kry op hul gebede nie. Moet nie jaloers wees op iemand anders se getuienis nie. As jy nog nie al jou seëninge gekry het, moet nie moed verloor nie. Sê vir jouself: My tyd gaan kom en as dit gebeur, sal almal verbaas staan oor hoe goed God vir my is.

Weet dat God se guns saam met jou is, al gaan jy ook deur watter omstandighede tans. Mag God jou ryklik seën.

Die een mandaat wat God aan my persoonlik gegee het is: 'Ek het jou geroep om My bonatuurlike krag aan hierdie generasie te bring'. Van daardie dag af het ek begin om dit te doen.

Nou het ek ook geleer dat ek daardie selfde kragdimensie aan ander kán demonstreer én dit dan aan hulle kan help oordra.

Laat liefde ons lei. Almal sê liefde maak seer, maar dis nie die waarheid nie. Alleenheid maak seer. Verwerping maak seer.

Om iemand te verloor maak seer. Jaloesie maak seer.

Almal verstaan dit nie mooi nie. Liefde is die enigste ding in die wêreld wat alle pyn kan wegneem en jou wonderlik kan laat voel.

Liefde is die enigste ding in die wêreld wat jou nie kan seermaak nie. Laat toe dat die liefde van God jou toevou!

.....

DIE PAD NA VERHEERLIKING

Elke dag as ek en jy bid en vra om tot op die hoogste sport geestelik te kom, besef ons net hoeveel teenstand ons ondervind.

Ons lees dat toe Moses blootgestel was aan die heerlijkheid van God, iets daarvan in hom oorgebly het. Die oorblyfsel van die heerlijkheid het veroorsaak dat sy gesig geblink het daarvan. Toe hy van die berg afgekom het, het mense vir hom gesê: 'Moses, maak toe jou gesig, ons kan dit nie waag om na jou te kyk nie!'

Iets wys dat jy in God se teenwoordigheid was.

Wat in jou verlede gebeur het en wat jy oorgeërf het in jou DNA, speel hierin so 'n groot rol. Hoekom sukkel ons almal so om uit te stap uit die beperkinge waarmee ons grootgemaak is?

Iets wat jy doen wys dat jy nog nie in die bonatuurlike was nie.

Kom ons lees wat in die Bybel gesê word: **1 Konings 22:52-54;** 'Ahásia, die seun van Agab, het koning geword oor Israel in Samaría in die sewentiende jaar van Jósafat, die koning van Juda, en het twee jaar oor Israel geregeer.

En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE—hy het gewandel in die weg van sy vader en in die weg van sy moeder en in die weg van Jeróbeam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig

het. En hy het Baäl gedien en voor hom neergebuig en die HERE, die God van Israel, geterg, net soos sy vader gedoen het’.

Wat het met Ahásia gebeur?

Hy word groot in `n huis waar sy pa en ma behep was met `n gesindheid om God teen te staan. Hulle het nie net God geterg nie, maar Hom fisies en geestelik teengegaan.

Die arme Ahásia. Dit wat hy in sy ouerhuis geleer het, word nou sy lot in die lewe. Nou gebeur presies dieselfde met hom ook.

Elke dag hoor en sien ons hoe in mense die sonde van hulle vaders net weer herhaal. Hoekom kan getroude mense – en ek praat van mense in die kerk, sommiges geesvervuld, nie uit hulle sondige natuur kom nie?

Ek wil nog altyd weet hoekom mense in huwelike nie ander mans en vrouens kan uitlos nie! Hulle is met `n verbond voor God getroud, maar ignoreer dit na `n tyd, en vergeet dit.

Ek wil weet hoekom?

Ons ouers het net soveel sonde as ons gehad, ons het net meestal nie daarvan geweet nie. Dis baie netjies skelm gedoen.

Kan `n man wat met `n pragtige vrou getroud is nie ophou om op haar óf jaloers te wees óf haar nie te verneuk nie?

Gaan dit nooit ophou nie? Of moet hulle soos die mense in koerante eers hulle vroue seermaak of vermoor?

Ahásia is presies dieselfde. Hy dien die afgode soos sy ouers gedoen het en terg God met sonde. Mense, hou op om met God wegkruipertjie te speel. Hy weet wat jy doen én Satan weet dit ook. Satan kan nou altyd daardie oop deur teen jou gebruik.

Ons moet weet: God straf jou nie. Hy haal net Sy hand van beskerming oor jou af. Nou is jy `n teiken vir Satan. En weet, hy gaan dit teen jou gebruik. **2 Konings 1:2;**

‘En Ahásia het deur die tralievenster in sy bo-kamer, in Samaría, geval en siek geword. Toe stuur hy boodskappers uit en sê vir hulle: Gaan raadpleeg Baäl-Sebub, die god van Ekron, of ek van hierdie siekte gesond sal word’.

Toe hy siek word en wil doodgaan stuur hy sy boodskappers uit om by Baäl informasie te kry.

Die vraag is: As hy hierdie afgod dien, hoekom vra hy nie die gogga

self wat met hom gaan gebeur nie? Hoekom stuur hy ander manne om namens hom te gaan hoor?

Besef mense nie dat die afgod, of die sonde of die seksuele bedrywe, dat dit nie verkeerd is nie? Of, kan hulle hul self nie keer of help nie? Kom hulle dit nie na 'n tyd agter nie? Waar dan is hulle gewete? Waarom kom vra hulle beraders raad, maar doen dit nooit nie?

2 Konings 1:3-4;

'Maar die Engel van die HERE het vir Elía, die Tisbiet, gesê: Maak jou klaar, gaan op, die boodskappers van die koning van Samaría tegemoet, en spreek met hulle: Gaan julle, omdat daar glad geen God in Israel is nie, om Baäl-Sebub, die god van Ekron, te raadpleeg? (Hulle antwoord hom: Ja Elia. Daar is nie 'n God in ons land nie)

Daarom dan, so sê die HERE: Van die bed waar jy Ahásia opgeklim het, sal jy nie afkom nie, want jy sal sekerlik sterwe. En Elía het gegaan'.

2 Konings 1:17;

'En Ahásia het gesterwe volgens die woord van die HERE wat Elía gespreek het'.

Daar is altyd langtermyngevolge vir ons optredes mense. Ons kan nie genoeg bely en vergifnis ontvang nie!

Ons sien hier die laaste optredes van Elia – die groot profeet van God. God kom maak dit duidelik aan Elia dat Hy hom gaan kom haal. Elia is nou besig om Elisa voor te berei vir sy bediening. Daar is 'n paar stappe waardeur Elisa moes gaan.

Mense, hierdie stappe is presies dieselfde waardeur ek en jy ook moet gaan om 'n Elia te word. 'n Seun en dogter van God. Vol van die heerlijkheid van God.

2 Konings 2:1;

'En toe die HERE Elía in 'n storm na die hemel sou opneem, het Elía met Elísa uit Gilgal uitgegaan'.

God het dit aan Elia én aan Elisa openbaar.

Hierdie is die eerste stap.

Daar moet 'n Gilgal-ondervinding in ons almal se lewens wees. Gilgal is waar God se volk sirkumsisie moes ontvang om deel te

wees van Sy verbond. Ek en jy moet vandag die besnydenis in ons hart ontvang – dit is Sy liefdesverbond met ons.

'n Geestelike besnydenis. Hierdie sal altyd dui op bekering en die wegdraai van die verlede. Dis die eerste stap.

Mense, as daar nog van die ou nukke en rituele en verkeerde gewoontes in jou is, was die harts-besnydenis dalk nie volledig nie. As dit volledig bely is, is dit veronderstel om verby en vergeet te wees, om nooit weer gedoen te word nie.

Soveel van ons hier in die kerk wonder soms hoekom ons nie na hoër hoogtes kan gaan nie. Hierdie is die rede. Daar is nog te veel van jou ou DNA in jou oor. Dit verhoed die groeiproses.

Dit veroorsaak ongelukkig ook dat jou nageslag met presies dieselfde probleme as jy gaan sit. Ons verstaan nie waarom ons kinders sukkel nie – hierdie is die rede.

Jesus Christus wil Sy nuwe DNA in jou are laat vloei. Alles in en om jou moet wees om soos Jesus te wees.

Die tweede stap:

2 Konings 2:2-3;

Vers 2: 'En Elía het vir Elísa gesê: Bly tog hier, want die HERE stuur my na Bet-el. Maar Elísa het gesê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle het na Bet-el afgegaan. (Bet-el is die 'Huis van God')

Vers 3: Toe gaan die profete-seuns wat in Bet-el was, na Elísa uit en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil'.

By Bet-el (die huis van God) moet ons die gawes en die bedieninge waarin God ons wil neem, kry. Dis slegs in die Huis van God waar ek my gawes kan beoefen en geestelik kan groei tot volwassenheid.

Wat sê God nog? 'Bly stil'. Moet nie loop en adverteer oor wat God in jou doen nie. Jy het nog 'n lang pad na Sy heerlijkheid.

Jy moet deur prosesse gaan om jou voor te berei vir dit wat nog kom. Oorlog teen jouself en teen die vyand wag vir jou.

Die derde stap:

2 Konings 2: 4-5;

'En Elía sê vir hom: Elísa, bly tog hier, want die HERE stuur my na Jérigo. (Jerigo is die 'Plek van oorlogvoering') .

Maar hy sê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle het in Jérigo aangekom.

Daarop kom die profete-seuns wat in Jérigo was, na Elísa toe aan en vra hom: Weet u dat die HERE vandag u heer van u hoof sal wegneem? En hy antwoord: Ek weet dit ook; bly stil'.

'n Jerigo-ondervinding in jou lewe is altyd oorlogvoering.

Daar is 'n stad, 'n vesting in jou lewe – 'n plek wat jy moet afbreek en moet oorwin in jou lewe, om na die volgende stap toe te gaan. Jy kan dit nie self doen nie. God moet kom en dit bonatuurlik vir jou kom doen. Jy is nou veronderstel om alles klaar te oorwin het in jou lewe.

Die vierde stap:

2 Konings 2:6-8;

'En Elía sê vir hom: Bly tog hier, want die HERE stuur my na die Jordaan. (Die 'Plek van promosie')

Maar hy sê: So waar as die HERE leef en u siel leef, ek sal u nie verlaat nie! En hulle twee het gegaan.

En vyftig man van die profete-seuns het geloop en op 'n afstand eenkant gestaan, terwyl hulle twee by die Jordaan staan.

Toe neem Elía sy mantel en rol dit op en slaan op die water; en dit is na weerskante verdeel, sodat hulle twee op droë grond deurgegaan het'.

Jy moet by die Jordaanrivier kom staan.

Hierdie is die plek van promosie.

Hier gaan jy nou in jou eie beloofde land in. Anderkant is 'n plek wat oorloop van seëninge. Jy moet net één ding weet: As jy nie die regte mantel aan het om die water mee te slaan nie, sal die rivier nie oopgaan nie.

Mantels word aan jou deur God gegee soos jy geestelik groei. Hulle het verskillende kleure en verskillende outoriteit gaan met elkeen.

Die vyfde stap:

2 Konings 2:9-10;

'En nadat hulle deur was, sê Elía vir Elísa: Begeer wat ek vir jou moet doen, voordat ek van jou af weggeneem word. En Elísa antwoord: Laat dan tog 'n dubbele deel van u gees op my kom.

En hy sê: Jy het 'n harde saak begeer. As jy my sien wanneer ek

van jou af weggeneem word, laat dit dan so met jou wees.
Maar so nie, dan sal dit nie wees nie'.

Hier ontvang Elisa sy bediening. Hy vra 'n 'harde saak'. Het Elisa geweet dat hy die groot seëning ontvang het? Ek glo nie so nie. Dit moes nog aan hom openbaar word of hy dit het.

Die plekke waarheen God Elia en Elisa in die Gees na toe geneem het, het elkeen 'n spesifieke doel gehad. Elisa is voorberei en Elia kan nou gaan.

2 Konings 2:11-12;

'En terwyl hulle aldeur loop en spreek, kom daar meteens 'n wa van vuur met perde van vuur wat skeiding tussen hulle twee maak; en Elía het in die storm na die hemel opgevaar.

En Elísa het dit gesien en geroep: My vader, my vader, wa van Israel en sy ruiters! En toe hy hom nie meer sien nie, het hy sy klere gegryp en dit in twee stukke geskeur'.

Elisa stap weg van hierdie grootse ondervinding.

Sal hy die plek van Elia kan inneem?

Is jy gereed vir wat God nou vir jou wil gee?

Kan jy jou leier se plek kom inneem?

Die sesde stap:

2 Konings 2:13-15;

'Daarna tel hy die mantel van Elía op wat van hom afgeval het, en hy draai om en gaan op die wal van die Jordaan staan; en hy neem die mantel van Elía wat van hom afgeval het, en slaan op die water en sê: Waar is die HERE, die God van Elía, ja, Hy?

En toe hy op die water slaan, is dit na weerskante verdeel, en Elísa het deurgegaan. En die profete-seuns wat in Jérigo was, het dit op 'n afstand gesien en gesê: Die gees van Elía rus op Elísa! En hulle het hom tegemoetgekom en voor hom na die aarde gebuig'.

Dis die 'Plek van salwing en outoriteit'.

Elisa het ontvang. Ek en jy het ontvang.

Weereens is dit belangrik om te weet dat die kleur en die outoriteit van die mantel het hier weer verander. Hierdie is die finale een.

As ons hierdie ondervinding met God gaan hê, moet daar iets in ons verskyn. Die heerlijkheid van God moet nou in ons skyn en uit ons

skyn soos dit met Moses gebeur het. Engele sal kom om saam met jou te loop soos wat ons die land gaan verander.

Moedig mekaar aan om hier te kom. Loop die ekstra myl saam met broers en susters. Baie wil verander maar weet nie hoe om daar uit te kom nie. Laat al die ou godsdiens gaan.

Waak, bid en vas meer.

Onthou: Dit is nog altyd makliker om sterk kinders te bou, as om gebroke groot mense te herstel.

Reinig jouself en jou huis met die Bloed van Jesus Christus.

.....

VERHOUDINGS

Mattheus 22:37-39;

En Jesus antwoord hom: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met alles wat jy het. Dit is die eerste en groot gebod.

En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'

Alles gaan oor verhoudings. Met God, jou naaste en jouself.

*** My verhouding met God.**

Dit moet wees soos wat die Woord sê: 'Ek moet Hom liefhê met alles wat in my is'.

Nie my eie ideale, my werk, my sport, my familie, hoe ek voel, my etniese groep óf die land waarin ek woon, mag hierdie verhouding met God beïnvloed nie.

Ons is ongelukkig so geneig dat vooropgestelde idees, tradisies en die menings van mense hierdie verhouding met God vertroebel.

Hou op om na mense te luister. Luister na God.

*** My verhouding met my naaste.**

Om almal lief te hê, is verseker nie maklik nie.

Ek laat egter hindernisse in my lewe toe wat my weghou van 'n wonderlike verhouding met ander mense: In my is nog kwaad, bitterheid, haat, verwerping, onvergewensgesindheid, vrees, teleurstellings en 'n liefdelose gees. Dit is alles sonde.

Hierdie sonde wat ons toelaat in ons eie lewe is misleidend, dit kos

ons meer as wat ons dink. As hierdie dinge nog in ons is, is dit waaraan ek en jy moet werk. Dit moet eers verwyder word en ten volle hanteer en mee klaargemaak word, voordat hierdie verhoudings kan herstel.

Dit bly nog altyd 'n keuse – kies die pad van 'n wenner.

Moenie ander die mag gee om te besluit wie jy is nie – dis maar slegs hulle opinie. Die waarheid sê: Gee aandag aan jou vyande, want hulle is die eerste wat jou foute vir jou sal uitwys.

Hoe gaan dit met ons verhoudings? Hoe lyk jou vriende?

Onthou: Vriende vergewe mekaar, maar as die vergewe opgeraak het, verbrokkel die vriendskap – soms stukkie vir stukkie.

'n Gewese vriend wat nou jou vyand geword het, is 'n gevaarlike teenstander, want hy hoef nie te soek nie, hy ken jou swakhede.

Hy kan jou gou oorwin en vernietig deur te slaan waar dit die seerste maak. Dis veral belangrik as dit eens huweliksmaats was wat nou op skei staan. Die hartseer en pyn wat nou daar is het die mooi tye saam laat verdwyn. Hulle kyk nou na hierdie verhouding uit ander oë. Meneer, sy ken jou swakhede!

*** Hoe ek myself sien. (Dis eintlik hoe God my sien)**

Ek moet myself aanvaar net soos wat ek is. Ek moet besef dat ek 'n kind van God is, vrygekoop deur Jesus Christus, en ek sit saam met Hom in hemelse plekke, en ek kán sê: Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee en God voorsien ryklik in al my behoeftes. Die almagtige Heilige Gees wat in my is, is besig om my in die volle waarheid te lei en Hy help my om in gereedheid te kom vir die dag as Jesus weer kom.

Gee toe aan Hom dat Hy jou kan help verander.

Daar gebeur so baie dinge in jou lewe wat anders verloop as wat jy oorspronklik beplan het. Dit wat God vir jou in die begin gesê om te doen, het nou nog nie heeltemal gebeur nie. Wat gebeur nou? Jy begin vas glo dat jy jou kans gemis het en dat God nie 'n God van tweede kans is nie en dat Hy geen genade in so 'n geval sou betoon nie. Nou begin jy die leuens glo en dis presies wat Satan wil hê. Hy wil jou laat glo dat jy 'n mislukking is en dat jy in jou taak en jou roeping gefaal het. Jy begin nou soos Elia wegvlug van jou roeping af. Jy dink dat dit duidelik is dat die probleem by jou lê.

Mense, wat gebeur nou?

Jy begin onttrek en wegkruip en jouself isoleer. Jy begin 'n slagoffer-mentaliteit aanneem en begin om jouself te verwyf en te bejammer en sodoende word jy lam en passief. Die volgende is dat jy jouself distansieer en begin om mense en kerk te vermy.

Ek glo nog altyd dat dit die tyd is dat iets gaan gebeur!

Skielik openbaar God iets aan jou of iemand gee aan jou 'n profetiese woord. Hierdie woord uit die Here se hart gaan jou verseker inspireer en weer moed gee. Luister mooi, God gaan weer jou roeping kom bevestig en bekragtig. Wees gereed!

In almal se lewens gaan daar 'n tyd kom waar jy voor 'n keuse gaan staan. Gaan jy die leuens van Satan glo dat jy eintlik nie 'n roeping het nie, óf gaan jy die Woord van die Lewende God glo? Staan op uit die posisie van selfbejammering en wanhoop en begin God se Woord oor jou te glo.

Baie Christene het vestings en struikelblokke in hul lewens wat hulle verhinder om vervulling, satisfaksie, vrede, genesing en die seëninge van God te ontvang.

As daar enige hindernisse opduik wat net aanhoudend voorkom, is hulle altyd van jou afkomstig en nie van God nie. Soveel vestings kom heel moontlik al uit jou opvoedingstyd of dit kom deur jou familielyn.

Onthou jy nog hierdie kinderrympie:

'Humpty Dumpty sat on a wall. Humpty Dumpty had a great fall. All the king's horses and all the king's men, couldn't put Humpty together again'.

Hierdie spreek van 'n eier wat op die grond val en breek. Niemand kan 'n stukkende eier ooit weer heelmaak nie – net God kan.

Elke mens ervaar een of ander tyd 'n mislukking in sy lewe.

Mooi verhoudings breek op, om nooit weer regtig te herstel nie.

Die tragedie is dat soveel mense gaan staan nou stil by die stukkend, en beweeg nie weer verder nie.

Om uit hierdie greep uit te kom het ons God nodig.

Matteus 18:18;

'Voorwaar Ek sê vir julle: **Wie julle op die aarde gebind los, sal ook in die hemel gebonde wees; en wie julle op die aarde**

ontbind, sal vry wees om in die hemel in te gaan'.

Wie is die 'julle'? Ek en jy. Jesus gee hier aan ons 'n opdrag.

Wanneer los ons iemand op aarde 'gebind'?

* As jy 'n kans of geleentheid kry om iemand te help om by Jesus uit te kom en jy doen dit nie, los jy hom gebind.

* As jy nie 'n kans gebruik om iemand te help om sy probleme op te los nie, los jy hom gebind. Ek weet dat die persoon nog altyd sy samewerking moet gee.

* As jy iemand kan bevry en jy doen dit nie, los jy hom gebind.

Mattheus 18:19 en 20;

'Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle **My** mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde'.

Hierdie is die kerk op basiese vlak – twee of drie gelowiges wat deur die Heilige Gees saam gelei word in die Naam van Jesus.

Die bymekaar kom is in die Naam van Jesus Christus en dié een wat hulle saambring is Heilige Gees.

Hierdie basiese kerk-lewe is die hart van die kerk en dit is die oorsprong van alle geestelike krag.

Niemand het meer krag nodig as dit wat hier belowe word nie: Jesus sê: 'As twee van julle saamstem oor enige saak wat julle **My** vra, sál dit gebeur.' Wat het ons meer nodig as dit?

Alle krag moontlik is hier beskikbaar.

Wat ek graag hier aan jou wil bewys is die basis van die bediening van die liggaam van Christus.

Die liggaam, wat in die kerk die liggaam bedien – met gawes.

Mense wat glo en mekaar bedien, en glo alles sál reg wees.

In **Matteus 18:15-17**, sê Jesus vir ons wat is die voorwaardes: Dit gaan hier oor ons optrede as jou broer teen jou gesondig het: 'En as jou broeder teen jou sondig, **gaan wys hom op sy sonde** tussen jou en hom alleen.

As hy na jou luister, dan het jy jou broeder **teruggewen**;

Maar, as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos 'n **ongelowige.**'

Direk na verse 18 tot 20, gaan Jesus aan en gee aan ons die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser. Hier word ons direk gewaarsku wat die verskriklike gevolge is as ons mekaar nie kan vergewe nie. Die hele saak draai hier om regte verhoudinge. Die oomblik wat jy besef ek moet my verhouding met God, myself en ander mense verander, sal jou vyf geestelike sintuie oopgaan en begin ontwikkel.

Net soos wat ons vyf fisiese sintuie het om te ruik, te hoor, te proe, te sien en te voel, het ons ook dieselfde vyf geestelike sintuie om die geestelike dimensie te ervaar.

Die doel is om die werklikheid van God se hemel en koninkryk alreeds hier op aarde te kan sien en te geniet. Dit alles werk mee om jou verhouding en intimiteit met die Vader hier alreeds te ervaar.

God gee aan ons die keuse hoe diep ons met Hom wil gaan. Dis u eie keuse. Wil jy net enkeldiepte gaan of wil jy die meer van die Vader geniet, deur in die geloof die pad te stap, sonder om die koste daarvan te tel. Daar is soveel meer fasette en dimensies van die Vader.

Onthou ons die vrou wat Jesus se voete kom salf het?

Niemand weet hoeveel die ekstra olie in jou Albaster flessie jou gekos het nie. Dalk 'n hele jaar se inkomste? Maar my lewe moet 'n lewende getuienis wees dat die vuur en die ongelooflike druk, net die suiwerste olie geproduseer het tot op hede.

Jesus het gekom om ons te vul met Heilige Gees en met die Vuur van God. Hierdie Heilige Gees-vuur dui op die krag en die bonatuurlike werking van God.

Soms is dit nodig om deur die vuur van die lewe gebrand en gelouter te word, sodat die krag en heerlikheid van God in ons midde openbaar kan word.

Ons lees waar Sadrag, Mesag en Abednego in die vuuroond gegooi is. Tot die koning roep uit: 'Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie? Ek sien dan vier manne wat vry en ongedeed rondbeweeg in die vuur en die vierde lyk soos 'n hemelwese!'

Hulle het verder opgemerk, nadat hulle uit die vuuroond gehaal is dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie. Jy kon nie eers ruik dat hulle in die vuur was nie! Slegs die toue – die wêreldse dinge, het weggebrand in die oond. Wanneer ons in die vuuroond van die lewe beland, word alles wat ons bind en verhinder, weggebrand sodat ons vry kan kom.

Daarom moet elkeen van ons dankbaar wees vir die intense stryd en hitte op my lewenspad, want dit het veroorsaak dat ongeloof, tradisies en karaktergebreke weggebrand kon word. Alles moet weg wees wat my verhinder om met die vuur van Heilige Gees vervul te word, sodat ek die krag van God kan beleef en sien werk. 'n Moeilike pad, maar dubbel en dwars die moeite werd. Laat toe dat jou wonde net letsels kan word sodat die olie van Heilige Gees kan vloei en daardie letsels 'n getuienis kan wees van jou outoriteit in die koninkryk van God.

Wanneer ons deur die lewensvuur bedreig word, kan ons altyd staatmaak op Jesus wat binne-in ons omstandighede teenwoordig is, soos die vierde persoon in ons verhaal. Hy staan ons in al ons omstandighede by. Kyk nou verder as wat jou situasie vandag is. Dink 'n dag, 'n week, 'n jaar vooruit en plaas jouself daar. Sien jouself daar en kyk dan terug. Is jy na 'n jaar nog net waar jy voorheen was? Gaan jy nog steeds net so kwaad of seer wees na al hierdie tyd? Dis altyd wat ons nou toelaat waaroor ons later spyt gaan wees. Altyd te laat!

Daar is by Jesus Christus genoeg in elke opsig en vir elke omstandigheid. As ons maar net oë het om dit raak te sien en ore om te hoor. Die dissipels het 'n probleem gehad met hulle sien en hoor. Hulle het self gesien hoe duisende mense voor hulle in groepies sit nadat hulle klaar geëet het. Daar was oral mandjies vol wat oorgebly het. En tog moes Jesus later vir hulle vra: 'Onthou julle dan nie? Onthou julle nie hoe Ek julle deurgedra het nie?'

Wat moet ons in hierdie tyd doen?

Ek nooi jou uit om saam met my verder te waag in die opwindende reis saam met die Gees van God, ongeag die prys.

Neem vrymoedigheid en breek uit om elke nuwe geleentheid aan te gryp. Kom ons waag dit saam op die pad om sodoende die vuur van Heilige Gees te laat val op ons kerk en op ons land.

.....

OM DEUR VUUR GELOUTER TE WORD

Die stem van God en die stem van Jesus Christus en die innerlike stem van God se Heilige Gees is hier in ons. Hierdie stem is gereed om ons te lei in die waarheid. Om aan ons die nuwe rigting aan te dui. Dit wil diep aan ons raak sodat verandering kan kom.

Die oomblik het aangebreek dat elkeen van ons moet besef: Die tyd is nou daar om op te staan, heilig te word en te verander, om deur God gebruik te kan word.

Ons almal moet God toelaat om ons te verander in bruikbare instrumente. Maar, ons sal moet toelaat dat Hy ons vorm en louter deur Sy Heilige Vuur. Om deur vuur gelouter te word beteken om meer suiwer te word.

Johannes die Doper kondig Jesus Christus met die woorde aan:

Mattheus 3:11;

'Ek doop julle wel **in water as 'n teken van bekering**; maar Hy sal kom en julle doop in **die Gees van God** en met vuur.'

Almal is begerig vir Heilige Gees maar min is bereid om God se vuur te vat. Maar, daar is 'n uitnodiging: Dit is vir almal wat glo!

Sien in jou gees Jesus afgeloop kom in die gange van die kerk.

In Sy arms het Hy 'n huwelikskleed. Hy sê:

- * Wil jy graag My bekragtiging hê?
- * Wil jy My teenwoordigheid en My wonderwerke sien?
- * Ek roep jou om My bruid te wees.
- * Is jy bereid dat Ek jou verander?
- * Het jy My lief genoeg om saam met My te gaan?

Hy kom staan by jou en sê:

* Ek roep jou – kom in My Heilige Vuur in.

* Jy sal net moet sterf aan jou reputasie en jou teologie en jou godsdienstige dinge.

* Jy sal jou vrees moet laat gaan.

* Jy sal jou beheer oor mense moet laat gaan.

* Jy sal mammon en gierigheid en jou liefde vir die wêreld moet laat staan.

* Jy sal moet ophou soek na jou eie belange en dat jy net vir jouself wil leef.

Is jy bereid om te kom – of gaan jy vir die res van jou lewe net hier in die kerkbanke sit?

Elkeen van ons moet besef dat daar 'n tyd kom wanneer jy op 'n altaar hier voor in die kerk moet gaan lê – vrywilliglik.

Mense die tyd het gekom waar ons nie meer op ons ou familie-altare kan bou nie. In my eie lewe het Jesus my kom vra:

'Waarom bou jy jou hele nuwe lewe op ou altare van mense wat my nie eers regtig gedien het nie? Waarom hou jy daaraan vas?

Die negatief van jou voorgeslagte is so groot. Kom lê weer hier dat Ek jou kan louter, sodat Ek jou met My Heilige Vuur kan verander, sodat jou hele nageslag ook veranderd kan wees'.

Jy moet jouself ook offer en toelaat dat God se vuur uit die hemel jou kan louter. Sodat Sy vuur al die kaf en hout en stoppels van jou lewe kan wegbrand, sodat net die goud en silwer alleen kan oorbly in jou lewe. Slegs goud en silwer is bruikbaar vir God.

Alles klink wonderlik – maar, jy twyfel.

Jy redeneer: Dit kan my dalk alles kos – selfs my lewe!

Wat sal die prys wees?

Dis die keuse wat jy moet maak:

Dit gaan 'n pynlike proses wees, maar dit is noodsaaklik.

Dit is noodsaaklik dat dit jou kan verhoog tot op die hoogste vlak van die bediening van mense.

Skielik dink jy terug na die dag toe jy Jesus gevind het.

Onthou jy die pyn toe jy uitgeroep het vanaf die stukkende ashoop van jou lewe! In verloreheid! Jy was maar net 'n stukkende kleipot toe jy gevind is. Jy was eintlik geestelik goed vir niks gewees nie.

Met groot liefde en deernis het Hy jou opgetel en gesê:

'Ek ken jou. Ek ken jou nog voordat jy was – toe jy nog in jou moeder se skoot was, toe het Ek al alles van jou geweet.'

Hy het jou opgetel en tot in jou diep, binneste binne gekyk en gesê:

'Ek sal net eers al die klippe en dorings en stokke en vreemde materiaal moet verwyder – jy het dit opgetel op die snelweg van die lewe.'

Toe het Sy belofte gekom – vir ons almal:

- * Ek het jou gemeet. Ek het jou lewe gesien.
- * Ek ken jou toekoms en die bestemming wat Ek vir jou het.
- * Ek weet die vyand wil jou doodmaak, my kind.
- * Ek weet hy werk teen jou en maak jou moedeloos, maar, moet nie moed verloor nie, want Ek het 'n ander visie vir jou.
- * Ek het 'n roeping op jou lewe.
- * Deur My liefde kom daar verhoging na jou toe.
- * Ek het jou hierheen geroep dat jy My stem kan leer ken.
- * Ek toets jou hart, my kind.
- * Ek toets jou liefde vir My.
- * Sal jy aanhou om My aangesig te soek, of gaan jy wegdraai?'

Hierdie is vir elkeen van ons en dit sal altyd so wees, op watter vlak ons ook al huidig beweeg.

Stadig begin jy die groter roeping op jou lewe verstaan.

Daar is vir elkeen 'n dieper vlak van bekragtiging wat wag.

Hoe groter die roeping, hoe groter gaan die vervolging wees wat van ander mense af gaan kom.

Dis die prys wat saam met bekragtiging gaan.

Dis nie die reputasie en goedkeuring van mense wat jy nodig het nie. Dit wat diep in jou gewortel is, is al wat tel.

Wanneer die storms van die lewe gaan kom is dit wat gaan tel – niks sal jou kan beweeg nie.

Die tyd om uit te gaan is hier.

Wat beteken dit?

Almal is geroep om 'n verskil te begin maak.

Al die deure van jou huis moet toegemaak wees. Al die oorerwing en probleme van jou familie moet klaar hanteer wees.

Jou huis moet nou begin oorloop en jou gawes moet begin funksioneer.

God het ons geroep om mense te help verander – om hulle tot bekering te lei en hulle geestelik te help groei.

Hy sê vir ons in **Markus 16:15**;

'Gaan nou die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom.' **Vers 17**: 'en **vir elkeen** wat glo, sal daar tekens volg.'

Hy wil nou klaarmaak om ons te verander, want Hy wil ons uitstuur om andere te gaan aanraak.

Die groot vraag is net:

Is jy gereed om as 'n **getroue dienskneg** gesien te kan word?

Mattheus 24:45-47;

'Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy **Verbondsfamilie** aangestel het, om hulle hul voedsel op tyd te gee? **Geseënd** is daardie dienskneg vir wie sy heer, as Hy kom, op hierdie manier besig sal vind.

Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel.'

Daar is twee redes hoekom ons dit nie altyd maak nie.

Eerstens: Jy kan so besig raak met die voorbereiding van die voedsel wat die diensvolk moet kry, dat dit later al jou tyd opneem. Jy mis later God se stem, mis belangrike vergaderings en God se aanwysings – net omdat jy te besig is met klein onbelangrike dingetjies. Nou het jy verval in godsdiens.

Jy probeer so om mense te behaag dat alles later by jou verbygaan. Koffiedrink word later belangriker as mense.

Dis die een kant van die sloot.

Tweedens: Dis suiwer my minderwaardigheid, my twyfel in myself en die misleiding oor die jare, wat my in hierdie sloot laat beland. Ek het geleer dat ek nooit iets sal kan doen nie en daar eindig alles.

Dan is die **tydsberekening** so belangrik. Wag vir God se tyd!

'n Suksesvolle Christelike lewe beteken nie net hoeveel ons vir God gedoen het nie, maar hoe naby ons aan Hom gekom het en hoe gehoorsaam ons geword het.

Jesus kom weer vir jou sê: 'As My vuur jou nie louter nie, kan My lig nie in jou skyn nie. Die lig in jou, is My teenwoordigheid.'

Hoe verder jy wegbeweeg van Hom, hoe dowwer sal die lig word.

Dit is nie moontlik om so te loop, as jy nie 'n persoonlike ontmoeting met God het elke dag nie.

Ons moet dag vir dag 'n bo-natuurlike ontmoeting hê soos wat die Gees ons aktiveer.

Dit is Sy belofte. Ons moet baie meer verwag van bo-natuurlike dinge as dit wat ons nou ervaar.

Handelinge 2:17-18

'En in die laaste dae, spreek God, sal Ek my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters **sal weer die Ware Woord van God preek**. Julle **jongelinge sal openbaringe van God sien**, en julle ou mense sal drome droom.

En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in die dae van my Gees uitstort, en hulle **sal verstaan** en profeteer.'

Ons moet nie glo dat die laaste dae sal kom en aanbreek en daar sal nie 'n geweldige toename wees in profetiese openbaringe en ondervindinge nie.

Die twee doelstellings in jou lewe:

* Jy moet so naby aan God beweeg, dat al jou gedagtes ook naderhand aan Hom gehoorsaam is.

* Jy moet meer in die geestelike realm beweeg, as hier in die sielsdimensie op die aarde.

Soos Moses van ouds, moet God se heerlikheid uit ons uitstraal. Ons gesigte moet begin blink van Sy heerlikheid.

Die vraag is altyd: Waar is God se heerlikheid?

God se heerlikheid gaan manifesteer deur Sy volk – deur Sy gehoorsames en dié wat rein van hart is.

Jesaja 60:1-3;

'Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die Here gaan oor jou op.

Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jou sal die Here opgaan, en Sy heerlikheid sal oor jou gesien word. En die nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang.'

Ons beleef die tyd waar duisternis die aarde wil bedek en donkerheid die volke, maar God se heerlikheid is besig om toe te neem oor Sy kinders en dit word al hoe meer sigbaar elke dag.

Al die visies en drome wat mense vandag ervaar, gaan hieroor – God se heerlijkheid wat deur Sy kinders gaan werk. Die drome en visies gaan net oor die stryd tussen lig en duisternis, tussen heerlijkheid en konflik. Dit is so dat ek elke dag graag net die heerlijkheid wil sien, maar ek weet, die twee gaan saam.

God wil hê dat ons altwee hierdie kante moet verstaan. Die hele liggaam van God moet deur 'n totale verandering gaan. Ons was vir te lank soos die wurm wat op die aarde voortgekrui het, maar skielik, eendag moet ons verander in die pragtigste skoelapper wat oor die aarde gaan sweef. So gaan die kerk wat nou ontstaan ook lyk: Eers net plat hier op aarde, maar skielik 'n magtige demonstrasie van krag.

Ons moet nie net die kerk sien verander in ons gedagtes nie. Die 'hele wurm moet 'n skoelapper word'. Hierdie ondervinding moet ons glo in ons harte. Dit moet deel word van jou bediening – vanjaar nog.

Die laaste verwysing: Die tyd toe die kinders van Israel gereed gemaak het om te trek na die Beloofde land toe, moes hulle die laaste pasga van God saam eet – elke huisgesin. Hulle moes 'n lammetjie sonder gebrek neem en dit saam oor die vuur braai en daarna eet. Die hele lammetjie. Die Bybel sê: Die kop, die pootjies en die binnegoed – alles. Hulle moes alles net daar opeet en niks laat oorbly nie, sodat God se seëninge van voorsiening en gesondheid saam met hulle kon gaan.

Vandag het ons die neiging om net te eet waarvan ons hou. 'Ek hou nie van die pootjies en die stertjie nie en gaan dit nie eet nie! My kerk leer my ek mag maar.' Nee! God wil hê dat jy alles moet eet. Jy het nie vandag alles nie, net omdat jy net wil eet wat jou pas! Moet dit nie doen nie! Luister na Sy voorwaardes vir jou lewe.

Maak jouself gereed – die Koninkryk van God het naby gekom. Gaan uit en maak 'n verskil.

.....

HOE KOM EK OP DIE HEILIGE WEG?

Vriende, al was ons getrou in alles wat ons gedoen het, sal God nog soms dinge wat moeilik is in ons lewens toelaat.

Hy het dit gedoen met Josef ook, maar kyk na sy sukses later. Hy laat dinge toe omdat Hy ons more en oormore met baie meer van Sy oorfloed wil vertrou. So, hanteer die moeilike dinge.

Ons sal moet werk aan ons karakter soos nog nooit tevore nie. Dis hoe ons almal 'n fondasie gaan bou in ons eie persoonlike verhouding met Vader. Die vrug van jou lewe moet gelykstaan met jou geestelikheid, en dit hang van jou karakter af.

Niemand kan groot geestelikheid hê sonder goeie karakter nie.

Ons beleef vandag wêreldwyd die tydperk waar dié wat skoon is, skoner word en dié wat onrein is, meer onrein raak.

Die styging in onheiligheid is iets wat ons nog nooit gesien het nie.

Daar het oor Suid-Afrika jare gelede 'n profetiese woord uitgegaan: 'Julle moet verstaan dat as Suid-Afrika die rampe gespaar gaan word, hy ook nie deel kan hê aan die komende heerlijkheid nie.

Die tonele wat ons sien is onvermydelik.

Die rampe waarmee Suid-Afrika bedreig word, word veroorsaak deur haat en nyd, deur geweld, onreg en jaloesie.

Die rampe kan nie vermy word nie, maar deur gebed kan dit verminder word. Dit gaan afhang van ons getrouheid en of ons aan al die opdragte gehoor gaan gee'.

Hierdie woorde is besig om in vervulling te gaan.

Ons gaan 'n tydperk binne waar groot wonders en openbaring hier by ons gaan plaasvind. Deur Suid-Afrika sal die wêreld gedwing word om te glo dat die wederkoms van die Saligmaker op hande is.

Ons moet besef dat die openbaring van God se heerlijkheid eenvoudig is. Ons het dit tog so gekompliseerd gemaak!

Vir die meeste van ons, al weet ons nie alles nie, bly dit egter moeilik om dit prakties te aanvaar en te sien.

Heilige Gees het alreeds op aarde neergedaal en sal Homself openbaar aan vele wat God in opregtheid en waarheid dien.

Ons is nie die eerste en ons is nie die laaste aan wie God Sy Gees gaan openbaar nie.

Ons lees 'n profetiese woord van 'n lewe in oorwinning, wat nou met ons gaan gebeur. **Jesaja 35:1-10;**

'Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlijkheid van die Líbanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlijkheid van die HERE, die sieraad van onse God.

Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas.

Sê aan die wat moeg is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos.

Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies.

En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat die heilige weg genoem sal word;

geen onreine sal daarop voorttrek nie, maar vir hulle sal dit wees; wie die weg bewandel—selfs die dwase sal nie dwaal nie. Daar sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met gejubel, en ewige vreugde sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg'.

Kom ons herhaal: En daar sal 'n grootpad wees en 'n weg wat **die heilige weg** genoem sal word.

Ek wil hê dat ons regtig in ons gees en verbeelding iets moet sien: Wat ons hier as 'n profetiese woord van Jesaja sien, is 'n heilige pad wat gebou is uit hierdie wêreld waarin ons nou is.

Alhoewel hierdie pad smal en opdraend is, kan enige een van ons op hom stap. Daar is so baie gevare as jy afdwaal van die pad, maar as jy op hom hou, is alles veilig. Daar sal geen leeu of verskeurende dier saam met ons op die pad wees as ons eers op hom is nie.

Slegs een soort mens is verbied om hier te loop - dié wat onrein is. Hierdie onreine is nie net die sondaar wat Jesus nie ken nie, maar

ook mense in die kerk wat nog wandel in ongehoorsaamheid en in gewoonte-sonde. Ons is nie vandag hier om gewoond te raak aan vrees en twyfel, of aan ongeloof of aan ons verlede nie.

Ons is vandag hier om ons lig te laat skyn – al gebeur wat.

Hoe kom ek op hierdie heilige pad?

Die Heilige pad is waar ek moet wees. Dis die pad na die ewigheid. Dit begin met 'n smal opdraende paadjie wat jou sal lei tot op hierdie pad. Dis die smal paadjie wat lei na Golgota. Golgota is 'n koppie wat jy moet klim op jou hande en veral jou knieë.

As jy nog tevrede is met jou godsdiens en manier van lewe sonder om honger te wees vir meer, sal jy nie maklik hierdie paadjie kry nie. Die oomblik as openbaring kom sal jy die smal paadjie begin klim. Dié wat net toeriste is en soek na iets om na te kyk, sal nie verkom nie. Jesus sê: As jy my soek met jou hele hart, sal jy my vind.

Op die kruin van hierdie koppie staan 'n kruis.

Die kruis dui aan waar die heilige pad begin. Die kruis bring die skeiding tussen mense en mense en tussen tyd en tyd.

Aan die voet van hierdie kruis is 'n klein deurtjie.

Dis so laag dat jy moet buk om daar in te gaan – op jou knieë.

Dis die enigste ingang na die groot Heilige weg toe.

Om verder te kan vorder moet jy deur hierdie deurtjie gaan.

Dis so klein dat jy geen bagasie saam met jou daardeur kan neem nie. Alles wat jy voel wat net aan jou behoort, moet agterbly.

Hierdie deur word genoem die 'Deur van die gebrokenes'.

Liewe mens, as daar nog nie gebrokenheid in jou is nie, sal jy nie op die grootpad kan loop nie. Jou stywe nek sal eers moet buig.

Die stywe nek wat nie wil buig nie het ook eendag in Adam en Eva se lewe opgestaan. Die oomblik toe hulle al die voorskrifte oortree en self God wou speel, het hulle hierdie pad verloor.

Ek en jy staan weer voor daardie keuse: Is ons nog hard en kwaad?

Kry ons nog maklik seer as al die ou dinge net weer met ons gebeur? Probeer ons nog ons dinge op ons eie manier doen?

Kerk, julle moet weet: Sonde is misleidend. Dit kos jou meer as wat jy dink. Ongehoorsaamheid het altyd gevolge – slegte gevolge.

Satan se taktiek sal jou altyd net tydelike verligting gee.

God is ingestel daarop om jou totaal vry te maak.
Jy moet nie net bestaan nie – jy moet lééf.

Voordat ons op die heilige pad kan loop, moet daardie nekke buig.
Ek wil graag vir jou sê hoeveel keer ek in my eie lewe hardop moes sê: 'Buig Gerrie de Haas, buig. Buig en laat gaan!'

U weet, om te verander is een van die moeilikste dinge op aarde.
Ons veg so om vas te hou en ons veg om dinge nie te laat gaan nie.
Gebrokenheid beteken nie net om te erken dat ek probleme het nie.
Dit beteken eintlik dat ek erken dat ek geen regte meer het nie en heel moontlik op pad hel toe is.

Jy is nou op die smal paadjie, oppad na die bopunt van die koppie.
As jy by die kruis daar bo kom, kyk op: Kyk met jou geestelike oë:
Daar staan Hy met wonde aan Sy hande en Sy liggaam.
Sy hoof gekroon met dorings – vol bloed. Hy is stukkend gebreek vir my en vir jou. Voordat Hy daardie laaste beker gedrink het, het Hy gesê: 'Ek doen dit vir elkeen van julle'.

Orals by daardie klein deurtjie is bloed – die Bloed van Jesus.
Soos wat ons deurgaen maak daardie bloed ons skoon en was al die sonde weg. Ek moet rein op die heilige pad gaan loop.

Op die einde gaan daar net twee groepe mense wees:
Dié wat vir God sê: 'Vader, laat U wil geskied',
en dié waarvoor God sal sê: 'Maar laat jou wil dan maar geskied – jy met jou stywe nek'.

Waar staan ons vandag?

Moet nie dink vandag kind van God, dat jy net een keer moes buig en breek nie. Dis 'n aanhoudende oorlog waarin ons betrokke is.
Daar sal nog baie toetse kom – die meeste deur ander mense.
Ons gehoorsaamheid sal weer met bloed getoets word.

As jy op hierdie heilige pad loop – kyk nou vorentoe.

Maak jou oë toe en kyk in jou verbeelding:

Daar strek die paadjie voor jou uit. Dit kronkel en is smal.

Maar O, daar is soveel lig wat daar skyn!

Agter ons is die koppie met die Kruis op.

Nie meer donker en half weggesteek nie, maar skynende soos lig.

Jesus hang lankal nie meer daar nie. Hy loop nou saam met ons op die heilige pad. Luister na die mense wat sing en dans en Hom loof en prys.

Kyk na die mense om ons. Almal se nekke het gebuig – in Sy wil al die tyd. Hierdie is die herlewing waarvan ons praat.

Heilige Gees loop tussen ons. Van heiligheid tot heiligheid.

Voor ons is 'n groot plek. Dis die hemelse Jerusalem.

Kyk daarna. Smag daarna.

Kerk, ons moet nie berge klim om gesien te word nie. Klim berge sodat jy van bo af die wêreld kan sien. Daar van bo af – kyk nou ondertoe. Voor jou is die bloudruk van jou lewe. Neem dit in jou in. Dis jou mantel van die toekoms.

Ons moet almal weet dat as jy net lewe vir mense se aanvaarding, sal jy sterf deur mense se verwerping. Ek het lankal geleer dat mense se goedkeuring waardeloos is, in vergelyking met die hemel se applous oor my lewe. Breek vandag nog daardie mensaanvaarding gees in jou. Jy is vry om jou doel te gaan ontdek.

Almal sê elke dag dat liefde seermaak. Dit is nie die waarheid nie. Alleenheid maak seer. Verwerping maak seer. Om iemand te verloor maak seer. Jaloesie maak seer. Almal verwar hierdie dinge met liefde, maar liefde is die enigste ding in die wêreld wat alle pyn bedek en iemand goed kan laat voel.

Liefde is die enigste ding in die wêreld wat nie seermaak nie.

Laat liefde ons lei. Bou nuwe verhoudings!

Liewe mens: Dalk ken jy Hom al lank as die Redder.

Dalk was daar al beter dae in jou lewe gewees. Dis nog nooit te laat om weer te begin soek na die smal paadjie wat jou berg-op gaan neem na die heilige pad nie.

Jesus sê: 'Laat ons hierdie saak nou uitklaar. Ek staan en wag vir jou'.

.....